11

Ecloga X: Gallus

Arethusa[1], vergun my hierdie laaste taak: ek moet nog 'n klompie verse vir my Gallus[2] sing, maar verse wat Lycoris[3] self sou lees. Wie sou vir Gallus verse weier? As die soute Doris[4] nie haar water met jou sal vermeng terwyl jy onder die Siciliaanse golwe verbygly nie, begin dan! Laat ons van Gallus se kommervolle liefde sing, terwyl my stompneus bokke aan sagte struike wei. Ons sing nie vir dowe ore nie; die bosse weergalm elke noot.

Watter woude of watter dale het julle gehuisves, maagdelike Najades, toe Gallus weggekwyn het van 'n onwaardige liefde? Want nòg die rûens van Parnassus, nòg dié van die Pindus, nòg die Aganippebron in Aonië het julle laat vertoef. Selfs die lourierbome het hom beween, ja, selfs die tamariske; selfs denbegroeide Maenalus en die kranse van koue Lycaeus het hom beween waar hy eensaam aan die voet van 'n rots gelê het.

Ook die skape staan om hom. Hulle neem geen aanstoot aan ons nie, en jy, besielde digter, moet ook nie aan hulle aanstoot neem nie: die skone Adonis het ook sy skape langs die strome laat wei.

Ook die skaapherder het gekom, die varkwagters het lui-lui opgedaag, en druipnat van winter-eikelvoer[5], het Menalcas daar gekom.

Almal vra: "Waar kom hierdie liefde van jou vandaan?" Apollo het gekom, en gesê: "Gallus, waarom is jy so dwaas? Lycoris, jou geliefde, het deur sneeu en ruwe leërkamp agter 'n ander man aangeloop." En Silvanus het gekom met die landelike versiering van sy hoof, terwyl hy bloeiende vinkel en groot lelies rondswaai. Pan, die god van Arkadië het gekom en ons het hom self gesien, blosend van bloedrooi vlierbessies en vermiljoen. "Sal daar geen einde wees nie?" het hy gesê. "Die Liefde steur hom nie aan sulke dinge nie! Die wrede Liefde het nooit genoeg aan trane nie, die gras nooit aan stroompies, bye nooit aan lusern, en bokke ook nooit aan blare nie." 30

Maar hy[6] antwoord droewig: "Maar tog, Arkadiërs, sal julle hierdie verhaal vir julle berge sing – slegs Arkadiërs is bedrewe om te sing. O hoe sag sou my beendere dan rus, as julle herdersfluit eendag van my liefde sou sing! En was ek maar een van julle, òf die wagter van jul trop, òf 'n plukker van jul ryp druiwe! Dan sou my hartstog, of dit nou Phyllis of Amyntas was, of watter een ook al – wat dan as Amyntas soel van vel is?; viooltjies is ook donker, en donker is hiasinte – sekerlik by my kom lê het tussen die wilgers onder die buigsame wingerdloot. Phyllis sou vir my blomkranse gepluk, en Amyntas sou vir my 40 gesing het.

Hier is koel fonteine, hier grasryke weivelde, Lycoris, hier die woud. Hier sou ek bloot deur die verloop van tyd saam met jou weggeslyt word. Maar nou hou 'n waansinnige drang na wrede oorlog my onder wapen, te midde van werpspiese en opponerende vyande. Jy, ver van jou vaderland – laat my tog nie so 'n verskriklike ding glo nie – aanskou, ag! hartelose, alleen en sonder my, die sneeu van die Alpe en die koue weer van die Ryn. Ag, mag die koue weer jou nie kwaad doen nie! Ag, mag die skerpgepunte ys nie jou sagte voetjies seermaak nie!

Ek sal gaan, en die liedjies wat ek in Chalcidiese[7] versmaat 50 gekomponeer het, sal ek op die hawerfluit van 'n Siciliese herder toonset. Ek is vasbeslote om verkieslik in die bosse tussen die hole van wilde diere te ly, en om my liefde op jong bome uit te kerf. Hulle sal groei, en jy, my liefde, sal groei. Intussen sal ek saam met die Nimfe oor die Maenalusberg rondswerf, of kwaai wildevarke jag. Geen koue weer sal my verhinder om die bergweidings op Parthenius met my honde te omsingel nie. Dit voel

vir my of ek reeds oor rotse en deur ruisende bosse stap, en dis vir my 'n vreugde om Cydoniese[8] pyle met my Parthiese boog af te skiet – asof dit 'n geneesmiddel vir my waansin kon wees, of dat daardie god[9] sou leer om deernis te voel vir die smarte van mense! 60

Nou skep ek weer eens geen behae in bosnimfe, en ook nie in my liedere nie; weer eens, bosse, moet selfs julle wyk! Ons swaarkry kan hóm[10] nie verander nie, nie as ons in die hartjie van die winter uit die Hebrus sou drink en die sneeu van Thracië en sy winterreëns trotseer nie; ook nie as ons die Ethiopiërs se skape onder die Kreefgesternte heen en weer sou jaag wanneer die kwynende bas aan die rysige olm uitdroog nie. Die Liefde oorwin alles; laat ook ons voor die Liefde swig".

Dit sal genoeg wees, goddelike Muses, dat u digter hierdie liedere gesing het terwyl hy van slanke hibiskus 'n mandjie sit en vleg het. Hierdie verse sal u van die allerhoogste waarde in Gallus se oë maak, in die oë van Gallus, vir wie my liefde uur na uur soveel aangroei as wat 'n groen elsboom in die vroeë lente opskiet. 70

Kom ons staan op: skaduwee is gewoonlik skadelik vir sangers, ja, skadelik die skaduwee van die jenewerstruik; skaduwee beskadig ook die graan.

Aanstap huis toe, my dikgevrete bokooitjies; die Aandster kom op; aanstap!

Georgica

12

Georgicon I: Akkerbou

Wat oeslande welig maak, onder welke ster, Maecenas, dit paslik is om die grond om te ploeg en wynstokke teen olms op te lei; wat aandag aan beeste, en wat die sorg vir die behoud van 'n kudde behels; hoe groot die kundigheid van die spaarsame bye is – van hierdie dinge sal ek begin sing.[1]

U, o skitterende ligte van die heelal, u wat die jaar voortlei terwyl dit deur die hemel gly; u, Liber, en milddadige Ceres, as die aarde deur u gawe die eikels van Chaonië vir vet koringare verruil en rivierwater met die pas ontdekte druiwe gemeng het; en u, Faune, kragtig helpende gode van die boerevolk – dans 10 saam, Faune en Dryadedogters: ek sing van u geskenke; ook u, Neptunus, vir wie die aarde, getref deur u magtige drietand, heel eerste die runnikende perd voortgebring het; en u, bewoner[2] van die woude, vir wie driemaal honderd sneeuwit bulle die geil struikgewas van Cea afwei; en Pan, bewaker van die skape, verlaat u self die woud van u vadere en die bergweides van Lycaeus, as u lief is vir u eie Maenala, en wees genadig hier aanwesig, o heer van Tegea; ook u, Minerva, skepper van die olyf, en u, seun,[3] onthuller van die gekromde ploeg, en u, Silvanus, met 'n jong sipres, wortel en al uitgetrek, in u hand: 20 wees u teenwoordig, alle gode en godinne wat u beywer vir die beskerming van die velde, sowel u wat jong graan voed wat sonder enige saad opgekom het, as u wat milde reëns uit die hemel neerstuur vir die gesaaides.

En u veral, o Caesar, van wie dit onseker is welke raad van gode
u eerlank in hul midde sal hê, of u nou oor stede en die ver-
sorging van ons land sou wou toesig hou, en die magtige aardbol
u slape met u moeder se mirt omwind en u as gewer van aanwas
en heerser oor die weer aanvaar; en of u as god van die on-
meetlike see kom en die seelui u godheid alleen vereer, terwyl 30
ver-verre Thule u dien en Tethys u met al haar golwe as skoon-
seun koop; en of u uself as nuwe ster by die trae maande voeg
waar daar 'n plek oop is tussen die Maagd en die grypende
Kloue[4] – vir u trek die gloeiende Skerpioen vanself reeds sy
knypers terug, en het meer as 'n billike deel van die hemel
oopgelaat; wat u ook al sal wees – want Tartarus hoop nie op u
as hul koning nie, en mag so 'n afgryslike heerssug nie by u
opkom nie, hoewel Griekeland die velde van Elysium bewonder
en Proserpina geen moeite doen om haar moeder te volg nadat
sy teruggevra is nie – skenk my 'n voorspoedige tog en sien my
stoutmoedige onderneming goedgunstig aan; toon saam met my
medelye met die boerevolk wat die pad nie ken nie, aanvaar u 40
roeping en maak u nou al reeds daaraan gewoond om in gebede
aangeroep te word.

In die vroeë lente, wanneer ysige water uit die witgesneeude
berge sypel en die verkrummelde kluit in die Westewind ver-
stuif, dan moet my bul reeds begin steun vanweë die diep
ingedrukte ploeg, en moet my ploegskaar, geskuur deur die
voor, begin blink. Slegs dié land wat tweemaal son en tweemaal
koue gevoel het, antwoord die gebede van die gierige boer;
dáárdie land se oneindig groot oeste vul die skure barstensvol.

Maar voordat ons 'n onbekende vlak met die yster oopkloof, 50
moet ons sorg om ons vooraf op hoogte te stel van die winde en
die wisselende luime van die weer, van die tradisionele be-
werking en geaardheid van die grond, en van wat elke streek
oplewer en wat elkeen weier om te dra. Hier groei koring
weliger, daar druiwe, en op 'n ander plek skiet jong boompies
op en word die gras sommer vanself groen. Sien jy dan nie hoe
Tmolusberg sy geurige saffraan, hoe Indië ivoor, en die ver-
wyfde Sabaeërs hulle eie wierook vir ons stuur nie? Nie hoe die
kaal Chalybiërs daarenteen yster lewer, Pontus stink bewerolie,
en Epirus die Olimpiese oorwinnings van haar merries nie? Heel
van die begin af het die natuur hierdie wette en ewige verbonde
aan bepaalde streke opgelê, ja, van dié tyd af toe Deucalion die 60
eerste keer klippe die leë wêreld in gegooi het, waaruit mense, 'n
harde ras, gebore is.

Kom dan, laat jou sterk bulle die ryk bodem van die aarde onmiddellik van die eerste maande van die jaar af omploeg, en laat die stowwerige somer die kluite waar hulle daar lê, met sy volle sonnegloed bak. Maar as die grond nie vrugbaar is nie, sal dit voldoende wees om dit net voor die verskyning van die Groot Beer lossies met 'n vlak voor om te ploeg, sodat, enersyds, onkruid nie die welige graan hinder, en andersyds, die ou bietjie vogtigheid nie die onvrugbare sandgrond verlaat nie. 70

Insgelyks sal jy jou afgeoeste lande om die beurt toelaat om braak te lê, en die uitgeputte vlakte om hard te word van die lang lê. Of anders sal jy onder 'n ander ster geel koring saai op die plek waaruit jy tevore 'n welige boontjie-oes met ritselende peule, of die saad van die kleine wieke en die brose halms en ruisende ruigte van die bitter wolfsboon gehaal het. Want 'n vlasoes dor die bodem uit; hawer dor dit uit, en ook papawers, deurdrenk met die slaap wat vergetelheid bring. Maar tog is die werk ten gevolge van wisselbou ligter: jy moet net nie skaam wees om die uitgedorde grond met ryk mis te versadig, of 80 om vuil as oor die uitgeputte akkers te strooi nie. So rus jou lande ook deur die wisseling van opbrengste, en intussen is die ongeploegde aarde nie ondankbaar nie.

Dikwels was dit ook al voordelig om onvrugbare lande aan die brand te steek en die ligte stoppels in knetterende vlamme af te brand; sy dit dat die grond daardeur verborge krag en ryk voedingstowwe ontvang, of dat alle gebreke daaruit gebak word deur die vuur, en nuttelose vog daaruit sweet; sy dit dat daardie hitte meer paaie en onsigbare lugkanale oopmaak waarlangs sap na die jong gewasse kan vloei, of dat dit die aarde eerder hard 90 maak en die gapende are vernou, om te voorkom dat geringe reëns of die alte felle krag van die versengende son of die deurdringende koue van die Noordewind dit verskroei.

Hy wat die lewelose kluite met sy bylpik breek en 'n eg van takke daaroor sleep, help sy grond gewis baie, en blonde Ceres hou hom nie sonder rede uit die hoë hemel dop nie; ook hy wat sy ploeg omdraai en die rûens wat hy met die oopklief van die bodem laat verrys, weer 'n keer in die dwarste breek, sy grond herhaaldelik bewerk en sy bevele aan sy akkers gee.

Bid, boere, om vogtige somers en sonnige winters! Van winter- 100
stof staan koring op sy geilste, en geil lê jou land. Van geen ander bebouing[5] pronk Mysia soveel, en staan Gargara self verbaas oor sy eie oeste nie.

Wat moet ek sê van hom wat die saad strooi, met skoffel in die hand die akkers dadelik pak en die onvrugbare hope sand platloop? En daarna rivierwater en stroompies wat hom volg vir sy gesaaides lei, en wanneer die verskroeide land bak terwyl die plantjies kwyn, siedaar, die water oor die wal van die leivoor teen die skuinste lok? Terwyl dit val, laat dit 'n dowwe gekabbel tussen die gladde klippe hoor en laaf die uitgedorde akkers met 110
sy geborrel. En wat moet ek sê van hom wat sy geil graan in die tenger blaar laat afwei sodra die gesaaides net so hoog soos die ploegvoorrûens staan, om te voorkom dat die halm vooroorval van die swaar are? En van hom wat die versamelde water van 'n moeras met dorstige sand dreineer? Veral as die oorvol rivier in wispelturige maande sy walle oorstroom en alles oor 'n wye gebied met slyk bedek en in sy mag hou, ten gevolge waarvan die hol poele van louwarm dampe stoom.

Maar tog, hoewel die arbeid van mense en osse hierdie dinge met die omploeg van die grond probeer uitrig het, doen die gulsige gans en die kraanvoëls van Strymon en sigorei met sy bitter 120
vesels heelwat kwaad; of skaduwee is ook skadelik. Die Vader self wou hê dat boerdery se pad nie maklik sou wees nie, en eers het hy die landerye met oorleg laat bewerk, ons sterwelinge se verstand deur sorge verskerp en nie toegelaat dat sy koninkryk verlam sou wees van 'n ernstige slapte nie. Voor Jupiter se tyd het geen boere die akkers onderwerp nie: dit was selfs onwettig om die vlakte af te merk of met 'n grenslyn te verdeel. Die mense het alles vir gemeenskaplike gebruik versamel, en die aarde het vanself alles kwistiger voortgebring sonder dat iemand daarom gevra het. Dis hý wat dodelike gif in die swart slange geplaas het, die wolwe gebied het om strooptogte te maak, en die oseaan om in beroering te kom. Dis hý wat heuning van die 130
blare afgeskud, vuur weggesteek en 'n einde gemaak het aan die wyn wat orals in strome gevloei het, sodat ervaring gaandeweg deur nadenke verskillende vaardighede kon smee, die koringhalm in ploegvore sou soek, en die vonk wat in die are van die vuurklip verberg is, uit kon slaan. Toe het riviere die eerste keer uitgeholde elsbome gevoel; toe het die seeman getalle en name

vir die sterre gevorm: Pleiade, Hyade en Lycaon se skitterende Beer. Toe het die mens uitgevind hoe om wilde diere met strikke te vang, om met voëlent te bedrieg en om uitgestrekte bergwoude met hul honde te omsingel. Nou slaan een sy werpnet oor 'n breë rivier en soek na die diepte, en 'n ander sleep sy druipnat sleepnet oor die see. Toe het die hardheid van yster, die skril saaglem – want die vroegste mense het splytbare hout met wîe gekloof – ja toe het verskillende vaardighede gekom. Meedoënlose arbeid en nypende gebrek in haglike omstandighede seëvier oor alles.

Ceres het sterwelinge die eerste geleer om die aarde met yster om te ploeg, toe eikels en wilde-aarbeie van die heilige woud reeds begin skaars word en Dodona sy voedsel weerhou het. Spoedig is daar ook vir die graansoorte ellende toegevoeg, met die gevolg dat vernietigende roes die halms verteer, en die nuttelose distel stekelrig gestaan het op die akker. Die oeste vergaan, 'n ruwe bos klitsgras en brandnetel verskyn in die plek daarvan, en oral in die pragtig bewerkte akkers voer skadelike drabok en onvrugbare wildehawer die oorhand. Daarom, as jy die onkruid nie voortdurend met skoffels aanval, die voëls met 'n lawaai verwilder, die skadu's van jou skaduryke land met die snoeimes in bedwang hou en in jou gebede om reën roep nie, sal jy, helaas!, vergeefs na 'n ander man se groot hoop graan loer, en jou honger in die bosse stil deur die akkerboom te skud.

Ek moet ook nog meld watter wapens die stoere boere het, waarsonder oeste nie gesaai kan word, en ook nie kan opkom nie. Eerstens die ploegskaar en die swaar eikehoutbalk van die gekromde ploeg, en die stadig voortrollende waens van die moeder[6] van Eleusis, en waens en sleë om graan mee te trap, en bylpikke van alte swaar gewig. Verder nog Celeus se latjieswerk en primitiewe toerusting, vlegwerk van wilde-aarbeilatte en Iacchus se mistieke koringwan – al die dinge waarvoor jy lank vooruit toegewyde voorsorg sal tref en wegbêre, as die glorie van die goddelike veld in voldoende mate vir jou beskik is. Sonder uitstel word 'n olm in die bosse met groot geweld gebuig en tot 'n ploegbalk getem, en neem dit die vorm van 'n gekromde ploeg aan. Hieraan word 'n disselboom wat agt voet in lengte strek, twee rysterplanke en 'n skaarblok met dubbele rug vasgemaak. Vooraf word 'n ligte lindeboom vir die juk gevel, en vir die stert 'n hoë beuk wat die kar se onderstel van agter af moet stuur; die hout word in die vuurherd opgehang en die rook deursoek dit.

Ek kan vir jou baie voorskrifte van die oumense herhaal, as jy nie daarvoor terugdeins en dit jou nie irriteer om van nietige sorge te verneem nie. Allereers moet jou dorsvloer met 'n yslike rol gelyk gemaak, met die hand gebrei, en met taai potklei stewig gebind word, sodat daar nie onkruid opkom en dit ook nie tot stof verstuif en bars, en allerhande peste dan met jou die 180
gek skeer nie. Dikwels al het 'n klein ou muisie sy woning onder die grond gebou en sy graanskuur daar opgerig, of het blinde molle daar slaapkamers uitgegrawe; is die padda in holtes aangetref, en al die menigvuldige ongediertes wat die aarde voortbring; of die kalander plunder jou groot hoop koring, of die mier, uit vrees vir 'n behoeftige oudag.

En let ook op, wanneer die amandelboom in die woude hom weelderig in blomme tooi en sy geurende takke afbuig : as daar volop vrugte aan is, sal die graan net so volop volg, en saam met 190
groot hitte sal daar 'n groot trapsel kom. Maar as die skaduwee ten gevolge van 'n blareweelde oorvloedig val, sal jou dorsvloer tevergeefs kafryke halms dors.

Inderdaad het ek al baie saaiers hul saad sien behandel deur dit eers met soda en swart olyfoliemoer te oorgiet, sodat die pit groter mag wees in die bedrieglike peule en hulle gou sag kan word, al is dit met 'n klein vuurtjie. Ek het gesien dat saad wat lank uitgesoek en met groot sorg ondersoek is nietemin ontaard, as die menslike inspanning nie jaar na jaar al die grootstes met die hand uitsoek nie. So snel alles deur die werking van die noodlot hul verderf tegemoet, gly agteruit en word terugge- 200
stoot, net soos iemand wat met sy spane 'n bootjie moeisaam stroom-op dwing, en as hy dalk sy arms laat skiet het, sleur die rivier dit dadelik op sy snel voortskietende stroom na hals-oorkop verdelging mee.

Owerigens moet die sterre van die Beer, die dae van die Bokkies, en die helder Slang net so versigtig deur ons dopgehou word as wat die Swartsee en die engtes van oesterryke Abydus aangedurf word deur hulle wat oor die windgeteisterde seë na hul vaderland vaar. Wanneer die Weegskaal die ure van die dag en van slaap ewe lank maak en die wêreld nou met lig en skadu's in twee gelyke dele verdeel, dan manne, moet julle jul bulle hard laat werk, en gars op die vlaktes saai tot kort voor die laaste 210
reënbui van die onhandelbare winter. Dan is dit ook tyd om 'n

vlasoes en Ceres se papawer in die grond te begrawe, en om sonder verposing vooroor te leun op jou ploeg solank as wat jy toegelaat word terwyl die grond nog droog is, solank as wat die wolke nog in die lug hang. In die lente is dit saaityd vir boontjies; dan, lusern van Medië, ontvang die verkrummelde ploegvore ook vir jou, en breek die jaarlikse sorg vir manna aan wanneer die glansende Bul met sy goue horings die jaar open, en die Hondster voor sy teenster ritireer en ondergaan.

Maar as jy die grond bewerk vir 'n koringoes of stewige spelt en op are alleen ingestel is, moet jy dat die dogters van Atlas hulle 220
eers in die môre verberg, en die Kretensiese ster van die vlammende Kroon die wyk neem voordat jy die verskuldigde saad aan die ploegvore oorhandig, en voor jy jou haas om die hoop van die jaar aan teësinnige grond toe te vertrou. Baie boere het al begin voor Maia ondergaan, maar die verwagte oes het hulle met leë are bespot. Maar as jy inderdaad wieke en goedkoop snyboontjies saai, en die sorg vir Egiptiese lensies nie versmaai nie, sal Boötes jou onmiskenbare tekens stuur wanneer hy ondergaan: begin dan te saai en hou aan daarmee tot in die 230
middel van die winter.

Om hierdie rede stuur die goue son sy baan wat in vaste sones verdeel is, tussen die twaalf sterrebeelde van die wêreld deur. Vyf gordels dek die hemelruim; een daarvan is altyd rooi van die glinsterende son en verdor van sy vuur. Rondom hierdie een, links en regs aan die eindes van die aarde, loop twee donkerbloues, verstyf van ys en donker reënbuie. Tussen hierdie twee en die middelste gordel is daar twee wat deur die guns van die gode aan rampsalige sterwelinge toegesê is, en 'n pad, deur albei heen gesny, waarin die skuins opeenvolging van die sterrebeelde kan wentel. Soos die aarde styl oploop na Skithië en 240
die pieke van die Noorde, so daal en sink dit af na die Suidewinde van Libië. Hier is die een pool altyd hoog bokant ons, maar die swarte Styx onder ons voete en die skimme diep in die onderwêreld, aanskou die ander een. Hier seil die magtige Slang soos 'n rivier met golwende kronkelings rondom en tussen die twee Bere deur — die Bere wat bang is om in die Oseaan se watervlak natgemaak te word. Dáár, na hulle beweer, swyg òf 'n tydlose nag en word die skemering immer deur die sluier van die nag verdig, òf keer die Daeraad van ons af terug en bring die daglig weer vir hul; en wanneer die vroegste Môrestond met sy 250

hygende perde op ons blaas, steek die rooigekleurde Aandster daar sy late strale aan. Hieruit kan ons die weer vooruit te wete kom, al is die lug onseker; hieruit die dag en tyd vir oes en saai, en wanneer dit geleë is om die verraderlike gladde seevlak met roeispane in beweging te bring, wanneer om die toegeruste vloot te water te laat, of die den tydig in die woude te vel. Nie tevergeefs hou ons die ondergang en opkoms van die sterrebeelde, en die jaar, gelyk verdeel in vier verskillende seisoene, dop nie.

Wanneer 'n koue reënbui die boer soms binnenshuis hou, word hy die geleentheid gebied om baie take wat binnekort in mooiweer haastig gedoen sou moes word, op tyd te verrig. Die 260
ploegman smee die harde punt van die stomp skaar skerp; uit 'n boomstam hol hy troe uit, of hy merk sy vee, of nommer sy hope graan. Ander maak heiningpale en tweetandgaffels skerp, en kry bindlatte van die Ameriaanse wilger gereed vir die soepel wynstok. Nou moet die mandjie lossies van braamrank gevleg word, nou moet julle koring rooster op die vuur, nou dit fynmaal met 'n klip. Selfs op feesdae laat die wette van God en die mens ons immers toe om sekere take te verrig. Geen godsdienstige ontsag het ons belet om stroompies afdraand te lei, 'n heining voor die koringland te span, 'n strik vir voëls te stel, 270
doringstruike aan die brand te steek, of om jou kudde blêrende vee in 'n heilsame rivier te dip nie. Dikwels belaai die drywer die stadige eseltjie se sye met olie of goedkoop vrugte, en as hy terugkom bring hy 'n geriffelde meulsteen of 'n klont swart pik van die stad af saam.

Die maan self het verskillende dae in verskillende volgorde as gunstig vir die arbeid daargestel. Vermy die vyfde: op daardie dag is bleke Orcus en die Wraakgodinne gebore; daardie dag het Aarde met 'n sondige geboorte vir Coeus en Iapetus gebaar, en die woeste Typhoeus en die broers[7] wat saamgesweer het om die hemel af te breek. Driemaal het hulle probeer om Ossa of 280
Pelion te stapel, verbeel jou dit!, en om lowerryke Olimpus op Ossa om te rol; driemaal het die Vader die opgestapelde berge met sy bliksemskig neergeslaan. Die sewentiende is 'n gunstige dag om die wynstok te plant, osse te pak en in te breek, en om lussies aan die skering van die weefsel te heg. Die negende is gunstiger vir die wegloper, maar ongunstig vir diefstal.

Betreklik baie take leen hulle beter om in die koelte van die nag afgehandel te word, of wanneer die Môrester die aarde by sonsopkoms met dou besprinkel. Snags word ligte stoppels, snags word die dorre weivelde makliker gemaai, want snags ontbreek die soepelmakende vog nie. En daar is die man wat laat wakkerbly by die lig van 'n wintervuur en met 'n skerp mes sy fakkels splyt. Intussen maak sy vrou die langdurige arbeid ligter met 'n lied en laat die rinkelende kam deur die skering snel, of kook soet mos se waterigheid oor 'n vuur weg, en skuim die golwende inhoud van die borrelende koperpot met blare af.

Maar rooigeel graan word in middaghitte gesny, en in middaghitte trap die dorsvloer die rypgebakte koring. Ploeg met jou bolyf kaal, saai met jou bolyf kaal. Winter is vir die boer 'n tyd van leeglê. In koue weer geniet die boere meestal van hul opbrengs en met blydskap sorg hul om die beurt vir feesmale waarin almal deel. Die vrolike winter nooi hul om fees te vier en verdryf hul sorge, net soos wanneer swaargelaaide skepe alreeds die hawe binnegevaar, en die matrose vol blydskap blomkranse aan die agterstewens gehang het. Maar dan is dit nogtans ook die tyd om die eikeboom se eikels, om lourierbessies, die olyf en bloedrooi mirtebessies af te pluk, dan die tyd om valle vir kraanvoëls en nette vir herte te stel, en om die langoorhase agterna te sit, dan om reebokke neer te vel terwyl jy die henneptoue van 'n Baleariese slingervel swaai, wanneer die sneeu diep lê en die riviere hul ys voorstoot.

Waarom sou ek vertel van herfsstorms en die sterre van die najaar, en waarteen mense moet waak as die dag reeds korter en die somer milder word? Of wanneer reënbringende lente aangesnel kom, wanneer die are-oes reeds ruig staan op die vlaktes en die melkerige korrels aan hul groen halm swel? Dikwels het ek al gesien, wanneer die boer sy oesvolk in die goudgeel lande gebring en reeds die gars van die brose halm gestroop het, hoe al die winde in gevegte bots om die swaargelaaide oes dan wyd en syd van sy diepste wortels af uit te ruk en hoog in die lug op te waai: dan sal die storm die ligte halms en vlieënde stoppels met 'n donker dwarrelwind wegwaai.

Dikwels verskyn daar ook 'n magtige heerskaar van waters aan die hemel, en wolke wat uit die hoë lug versamel is, pak dan saam tot 'n afskuwelike storm met donker reënvlae. Die hoë

hemel stort neer en spoel die welige gesaaides en die arbeid van die osse met 'n geweldige stortvloed weg. Slote loop vol, die hol riviere swel met 'n gedruis, en die see sied met deinende waters. In die middernag van stormwolke slinger die Vader met eie hand flikkerende weerligstrale. So groot as wat hy is, bewe die aarde van die skok, die wilde diere slaan op vlug, en deur die volke heen slaan kruipende vrees die harte van sterwelinge 330 terneer. Met vlammende skig slinger hy òf Athos òf Rhodope òf die pieke van Ceraunia neer. Die Suidewinde verdubbel hul geweld en die reën val op sy digste. Nou huil die woude van die geweldige wind, nou bruis die strande.

Uit vrees hiervoor moet jy die maande en die sterre van die hemel dophou: waarheen die koue ster van Saturnus terugkeer, in welke sirkels die vuur[8] van Cyllene in die hemel ronddwaal. Allereers moet jy die gode eer, en jaarlikse offers aan die grote Ceres bring terwyl jy die offertaak hier by die einde van die winter wanneer die helder lente reeds daar is, in die welige gras 340 verrig.

Dan is die lammers vet, dan is die wyn ferweelsag, dan is die slaap soet en die skadu's op die berge dig. Laat al die jongmense van die platteland – sorg daarvoor – vir Ceres vereer. Meng vir haar heuning met melk en sagte wyn, en laat jou seënbringende offerdier driemaal om jou jong graan loop terwyl jou hele vriendeskaar dit juigend vergesel en luidkeels vir Ceres in hul huise innooi. En laat niemand sy sekel onder aan die ryp graan lê voordat hy, sy slape omwind met 'n eikekrans, primitiewe 350 danspassies tot eer van Ceres uitvoer en liedere sing nie.

En dat ons hierdie dinge uit vaste tekens te wete sou kon kom – die hitte en die reën en die winde wat koue bring – het die Vader self bepaal welke waarskuwing die maandelikse maan sou gee, by welke teken die Suidewinde sou gaan lê, en wat die boere, as hulle dit herhaaldelik sien, hulle kuddes nader aan die stalle sou laat hou. Sodra die winde opsteek, begin òf die see-engtes onstuimig te dein, en 'n droë gekraak word op die hoë berge gehoor, òf die strande raak hewig beroer en weergalm in die verte, en die gedruis van die woude word luider en luider. Reeds dan al weerhou die golf hom met moeite van die geboë kiele, wanneer die duikvoëls vinnig van die middel van die see af terugvlieg en hul gekrys strandwaarts dra; wanneer die see-

bleshoenders op die droë land speel, en die reier sy vertroude vleie verlaat en bo 'n hoë wolk vlieg. Dikwels ook, wanneer daar wind dreig, sal jy sterre ylings uit die hemel sien val, en dat lang strepe vuur deur die duister van die nag agter hulle skitter; dikwels hoe ligte kaf en vallende blare dwarrel, of hoe drywende vere op die water se oppervlakte speel. Maar wanneer dit uit die rigting van die grimmige Noordewind weerlig en die woning van die Ooste- en Westewind donder, dan word al die velde oorstroom deur oorvol slote, en elke matroos haal op see sy nat seile in.

Nog nooit het reën boere skade aangedoen nie, of hulle kon dit verwag het: òf die hoogvliegende kraanvoëls het daarvoor gevlug toe dit onder in die dale opsteek, òf die jong vers het na die hemel opgekyk en die lug met oopgesperde neusgate gesnuif, òf die kwetterende swaeltjie het al om die waterpoele rondgevlieg, en die paddas in die modder het hul ou klaaglied gekwaak. Dikwels ook het die mier 'n smal paadjie oopgetrap en sy eiers uit sy binnekamers weggedra, het 'n reusereënboog die lugvog opgedrink, en het 'n leërmag rawe in 'n lang kolonne van die weiveld af padgegee en met vlerke dig teen mekaar gekras. Dan is daar die veelsoortige seevoëls en dié wat in die Asiatiese weivelde van Caÿster rondsnuffel, oral rond in hul geliefde moerasse – jy sou kon sien hoe hul wedywerend kwistige sproeireëns oor hulle rugge giet, nou die kop in die golwe steek, en nou die water inhardloop en doelloos pretmaak uit begeerte om te baai. Dan roep die snode kraai met volle stem om reën, en stap stoksielalleen op en neer op die droë seesand. Selfs nie eers meisies wat snags hul porsies wol afspin, was onbewus van die storm toe hulle die olie in die brandende lamp sien sputter en die kwynende lamppitte sien hard word nie.

Ewe goed sal jy ná die reëns sonskyn en oopgetrekte helder lug kan voorsien en uit onfeilbare tekens kan opmaak. Want dan is die helder glans van die sterre onverdof te aanskou, en sien ons die Maan sonder enige verpligting teenoor haar broer se strale verrys, en dat geen yl vlieswolkies deur die hemelruim dryf nie. Nou sprei die ysvoëls, gelief deur Thetis, nie op die strand hul vlerke oop na die warm son, en die besmeerde varke onthou nie om met hul snoet die bondels strooi op te gooi totdat dit los is nie. Maar die miswolke neig al meer na die laagtes en

gaan lê op die vlakte, en die naguil wat vergeefs bo van die nok af op die uitkyk is vir sonsondergang, sing sy late lied. Hoog in die helder lug verskyn Nisus[9], en dien Scylla[9] haar straf uit vir die purper haarlok: waar sy ook al in haar vlug die yl eter met haar vlerke klief, kyk, daar agtervolg Nisus haar vyandig en wreed, met luide vlerkgesuis deur die briese; waar Nisus teen die briese in styg, klief sy die yl eter met haar vlerke en vlug ylings weg. Met half-toe keel herhaal die kraaie dan drie- of viermaal 410
hul skril gekras, en dikwels babbel hulle in hul hoë neste tussen die blare met mekaar, meer as gewoonlik verbly deur een of ander bekoring. Hulle geniet dit om nou dat die reëns verby is hul kleine kroos en dierbare neste weer op te soek. Dit is beslis nie, glo ek, omdat hulle 'n goddelike instink, of deur die wil van die noodlot 'n groter voorkennis van dinge het nie, maar wanneer die weer en beweeglike hemelvog van koers verander het, en die lug, klam van die Suidewinde, dinge wat nog pas yl was, verdig, en wat dig was, verdun, dan verander hul gees- 420
tesgesteldheid en hul hart ervaar nou ander roeringe, ander as toe die wind die wolke aangedryf het. Vandaar daardie voëlkoor in die velde, die vee vol blydskap en die kraaie wat juigend kras.

Maar as jy op die verskroeiende son let, en die mane wat een na die ander op mekaar volg, sal die môre-uur jou nooit bedrieg, en sal jy nooit mislei word deur die verraad van 'n helder nag nie. Sodra die maan haar terugkerende vure versamel, as sy donker lug met haar dowwe horing omkring, word daar 'n baie groot reënbui vir die boere en die see voorberei. Maar as sy 'n maag-delike blos oor haar gelaat laat spoel, sal daar wind wees: goue 430
Phoebe bloos altyd van wind. Maar wanneer sy by haar vierde opkoms – want dît is die betroubaarste waarborg – helder is en nie met verdofte horings deur die hemel sweef nie, sal sowel daardie hele dag as die dae wat uit hom gebore word tot aan die einde van die maand sonder reën en wind wees, en omdat hulle bewaar is, sal die matrose hul geloftes aan Glaucus en Panopea en Melicertes, seun van Ino, op die strand betaal.

Ook die son, sowel by sy opkoms as wanneer hy hom in die golwe verberg, sal tekens gee: die feilloosste tekens sal met die son gepaard gaan, sowel die wat hy in die môre bring as die wat hy gee wanneer die sterre verrys. Wanneer hý, in 'n wolk ver- 440
steek, sy vroeë opkoms met vlekke spikkel en met die middel van sy skyf terugwyk, moet jy op reënbuie bedag wees, want

van die diepsee af waai die Suidewind dan onophoudelik, skadelik vir bome en gesaaides en die kudde. Of wanneer uitgespreide strale kort voor ligdag tussen digte wolke deurbreek, of wanneer Aurora bleek verrys as sy Tithonus se saffraangeel bed verlaat, helaas!, dan sal die wingerdloof die ryp druiwetrosse maar moeilik beskerm: in sulke groot getalle spring die digte hael kletterend op die dakke. Ook dit, wanneer 450
hy die lug deurkruis het en alreeds aan die sink is, sal jou nog meer loon om te onthou; want dikwels sien ons dat verskillende kleure oor sy gesig dwaal: 'n donkerblou kondig reën aan; 'n vlamkleur, Oostewinde. Maar as vlekke met die geelrooi vuur begin meng, dan sal jy alles tegelyk in beroering sien van wind en stormwolke. Laat niemand my aanraai om in so 'n nag oor die see te vaar of om my vasmeertou van die land af te ruk nie. Maar as sy skyf helder is, sowel wanneer hy die dag terugbring as wanneer hy die een wat hy gebring het, begrawe, sal jy verniet deur stormwolke verskrik word, en sal jy die woude in 460
die helder Noordewind sien roer.

Ten slotte: wat die laataand bring, uit watter rigting die wind die sonbestraalde wolke dryf, wat die vogtige Suidewind in die skild voer – van al dié dinge sal die son vir jou tekens gee. Wie sou dit waag om die son bedrieglik te noem? Dikwels waarsku hy selfs dat verborge oproer dreig, dat verraad en bedekte oorloë begin te gis. Ook na die dood van Caesar het hy medelye gehad met Rome, toe hy sy glansende hoof met ondeursigtige duisternis bedek, en 'n goddelose geslag 'n ewigdurende nag gevrees het. Hoewel, destyds het die aarde en die vlaktes van die 470
see, het onheilspellende honde en ongunstige voëls ook voortekens gegee. Hoe dikwels het ons nie gesien hoe Etna uit sy oopgebarste smeltoonde borrel, golwend in die Siklope se lande instroom, en vuurbolle en gesmelte rotse aanrol nie! Germanië het die wapengekletter oor die ganse hemelruim gehoor, en die Alpe het getril van ongewone skokke. Ook is daar 'n stem deur almal in die stil woude gehoor – 'n magtige stem; en spookgestaltes, wonderbaar bleek, is teen die aandskemering gesien, en diere, o gruwel!, het gepraat. Riviere gaan staan, die aarde gaap, en in die tempels ween die ivoorbeelde bedroef en die bronsbeelde sweet. Eridanus, koning van die riviere, het in 'n 480
dolle maalstroom voortgespoel, bosse verwring en kuddes tesame met hul stalle oor al die vlaktes heen gesleur. En in dieselfde tyd het dreigende vesels nie opgehou om uit onsalige

ingewandes te voorskyn te kom, of bloed om uit waterbronne te vloei, of rysige stede om heelnagdeur van die gehuil van wolwe te weerklink nie. Nog nooit het daar meer bliksems uit die helder hemel geval, of het daar soveel keer huiweringwekkende komete gevlam nie. Daarom het Philippi weer eens gesien hoe Romeinse veglinies mekaar met gelyke wapens stormloop, en was dit ook nie vir die gode iets onbehoorlik dat Emathia en 490
Haemus se wye vlaktes twee maal geil word van ons bloed nie. En die tyd sal gewis kom wanneer die boer in daardie streke die grond moeisaam met sy gekromde ploeg sal omwoel, en werpspiese daar sal vind wat deur skilferende roes weggevreet is. Of hy sal met swaar bylpikke teen leë helms pik en verstom staan oor die reusagtige beendere in die oopgeploegde grafte.

Gode van ons vaderland, aanbiddelike inheemse helde, u Romulus, en u, moeder Vesta, u wat oor Etruriese Tiber en die Palatinus van Rome waak, verhinder ten minste hierdie jongman nie om 'n ontwortelde geslag te hulp te snel nie. Lank reeds het ons genoeg met ons bloed geboet vir die meineed van Troje, stad 500
van Laomedon. Lank reeds, Caesar, misgun die koninklike hof van die hemel u vir ons, en kla hul dat u omgee vir die triomfoptogte van mense, hier waar reg en onreg immers omgekeer is: soveel oorloë word daar op aarde gevoer, soveel vorms is daar van misdaad. Die ploeg kry nie die eer wat dit verdien nie, die landerye lê onbewerk omdat die landbouers onttrek is, en krom snoeimesse word in harde swaarde omgesmee. Hier blaas die Eufraat oorlog aan, daar Germanië; buurstede het hul on- 510
derlinge verbonde verbreek en staan onder wapen. Oor die hele wêreld woed die gewetenlose Mars, soos wanneer 'n vierspan van die slagboom af wegskiet en rondte na rondte voortspoed; vergeefs pluk die drywer aan die teuels, maar hy word deur die perde voortgesleur en die span gehoorsaam nie die leisels nie.

13

Georgicon II: Bome en Wingerdbou

Tot hiertoe dan van akkerbou en die sterre van die hemel. Nou, Bacchus, sal ek van u sing, en saam met u van die struikgewas in die woud en die vrugtekroos van die stadig-groeiende olyfboom. Hierheen, o vader Lenaeus! Hier is alles vol van u gawes, vir u bloei die akker, swaar van najaarswingerdranke en skuim die wynoes in vol kuipe. Kom hierheen, o vader Lenaeus, pluk u stewels uit en doop u kaal bene saam met my in die vars mos.

Om mee te begin : daar is verskillende natuurlike metodes vir die kweek van bome. Want party, soos die sagte waterwilg en taai besembos, die populier en vaalgroen wilger met sy wit- 10 glansende blare, kom vanself uit vrye wil op, sonder enige dwang van mense, en neem die vlaktes en kronkelende riviere wyd en syd in. Maar ander kom op uit geplante saad, soos die hoë kastaiings en die wintereik, magtigste boom van die woude, wat sy blare tot eer van Jupiter dra, en die eike[1] wat deur die Grieke as orakels beskou is. By ander spruit daar 'n baie digte bosgasie uit die wortel, soos by kersies en olmbome. Ook die klein louriertjie op Parnassus skiet op in die reuseskadu van sy ma. Hierdie groeiwyses het die natuur in die begin bepaal, só word elke soort bos en struik en heilige woud groen. 20

Daar is ander groeiwyses wat ervaring self gaandeweg vir homself uitgevind het. Die een sny steggies van die sagte moederliggaam af en lê hulle in vore in; 'n ander begrawe stukke stam, sowel oorkruisgekloofde paaltjies as skerpgepunte stokke in die grond. Sommige bome wag vir die boë van die afgebuigde

inlêloot en die lewende aflêers in sy eie grond. Ander het geen wortel nodig nie, en die snoeier aarsel nie om die boonste lote om te buig en dit aan die aarde toe te vertrou nie. Ja, selfs nadat die stamme afgekap is – wonderbaar om te vermeld – stoot 'n olyfwortel tevoorskyn uit die droë hout. En dikwels 30
sien ons dat die takke van die een boom sonder skade in takke van 'n ander een verander; dat 'n peerboom wat van voorkoms verander het, ingeënte appels dra, en dat grootpit kornoelies rooi word aan pruimbome.

Daarom, kom boere, leer elkeen se eie behandeling, soort vir soort; maak wilde vrugte met verbouing mak en laat jul grond nie leeglê nie. Dis vreugde om Ismarus met wingerd toe te plant en groot Taburnus met die olyfboom te beklee. En u, Maecenas, my trots, en tereg die grootste deel van my roem, wees u teenwoordig en deurloop saam met my die taak wat ek on- 40
derneem het. Sprei u seile uit en skeer oor die oop see heen. Ek verlang nie om alles met my verse te omvat nie, nee, al sou ek 'n honderd tonge, 'n honderd monde en 'n stem van yster hê. Wees teenwoordig en vaar vlak langs die soom van die naaste strand; die land is byderhand. Ek sal u nie hier te midde van uitweidinge en lang inleidings met verse van die verbeelding ophou nie.

Die bome wat hul vanself na die kuste van die lig verhef, is weliswaar onvrugbaar, maar skiet welig en sterk op; in die grond is daar immers natuurlike groeikrag. Nietemin, as iemand hulle sou ent of oorplant en aan goedbewerkte vore toevertrou, sal hulle ook hul wilde natuur aflê, en met telkens herhaalde 50
bewerking gou-gou enige bekwaamheid nastreef wat jy wil hê. En die loot wat onvrugbaar heel onder uit die stam uitgroei, sou dit ook doen as hy in die oop velde weg van ander geplant is. Nou laat val die hoë blare en takke van sy ma 'n skaduwee op hom, beroof hom van sy lote terwyl hy groei en dor hom uit as hy dra. En dan, die boom wat hom uit afgegooide saad verhef het, groei stadig en sal eers vir jou verre nageslag skaduwee maak. Sy vrugte gaan agteruit en verloor hul vroeëre geur, en die wynstok dra misvormde trosse as buit vir die voëls. 60

Natuurlik moet daar aan alle bome arbeid bestee word, en almal moet in rye gedwing en met groot moeite getem word. Maar olywe antwoord beter uit stamme, die wynstok uit 'n ingelegde

loot, die mirt van Paphos uit vaste hout. Klipharde[2] haselare ontstaan uit steggies, en ook die reuse-es, die skaduryke boom van Hercules se kroon, en die eike van die Chaoniese vader.[3] So ontstaan ook die rysige palmboom en die den wat die gevare van die see sal aanskou. Maar die ruie aarbeiboom word met 'n okkerneutloot geënt, en onvrugbare platane het al gesonde appels gedra. Die beuk[4] het grys geword van die wit bloeisel van die kastaiing, die es van die wit bloeisel van die peer, en onder die olms het varke al akkers vermorsel.

Daar is meer as een metode om te ent en te okuleer. Want waar botsels van midde uit die bas uitstoot en hul dun omhulsels laat oopbars, word daar 'n smal snytjie presies in die knoppie gemaak. Hierin lê hulle 'n botsel wat van 'n vreemde boom af kom, en leer hom om aan die sappige bas vas te groei. Of anders weer word gladde stamme teruggesny, en met wîe 'n spleet diep in die volle hout gekloof. Daarna word die vrugbare entsels daarin gesteek, en eerlank het 'n reuseboom met welige takke na die hemel uitgegroei, en hom verbaas oor sy vreemde blare en die vrugte wat nie sy eie is nie.

Daarbenewens is daar nie net een soort stewige olms, of wilger, of lotus, of sipresse van Ida nie. En ryk olywe ontstaan ook nie net in een vorm nie – daar is die orchades, die radii en die pausia met sy bitter bessie – en so ook die appels in Alcinous se boord. Die loot van Crustumeriese en Siriese en die swaar volemapere lyk ook nie eenders nie. Aan ons stokke hang daar nie dieselfde druif as wat Lesbos van die rank van Methymna pluk nie. Daar is wynstokke van Thasos, en daar is die blekes van die Mareotiese meer, laasgenoemde geskik vir ryk, eersgenoemde vir ligter grond. Daar is ook die Psithiese, beter geskik vir rosynwyn, en die fyn Lageïese wat eendag nog jou voete gaan aantas en jou tong aan bande gaan lê; daar is die Perses en die Preciae, en jy, Rhaetiër – in watter lied sal ek jou besing? En tog moet jy nie met Falerniese kelders meeding nie. Daar is ook die wyne van Aminnea, stewigste van wyne, aan wie die wyn van Tmolus en selfs die koning van wyne uit Phanae eer betoon; en die kleiner Argitisdruif waarmee geen ander soort kan meeding, òf om soveel sap te lewer, òf om soveel jare lank te hou nie. Ook vir jou sou ek nie oorslaan nie, o wyn van Rhodos, welkom by die gode en die tweede dis, en jou ook nie, Bumastus, met jou uitgeswelde trosse. Maar daar is geen getal

om aan te dui hoeveel soorte of name daar bestaan nie, maar dis beslis ook nie van belang om hulle in 'n getal saam te vat nie. Hy wat dit sou wil weet, sou ewe goed wil hoor[5] hoeveel sandkorrels op die Libiese vlakte deur die Westewind opgejaag word, of wil weet hoeveel golwe van die Ioniese see kus toe aanrol wanneer die Oostewind met buitengewone geweld op die skepe toesak.

Maar alle grond kan nie alles dra nie. Wilgers groei langs riviere, elsbome in modderige moerasse, en onvrugbare bergesse op 110
klipperige heuwels. Die seekus is op sy vrolikste met mirtebosse, en, laastens, die wynstok hou van oop heuwelland, en taksisbome van die Noordewind en koue. Aanskou ook die aarde, van end tot end deur boere getem, en die Oosterse wonings van die Arabiere, en die getatoeëerde Geloni: aan bome is daar ook vaderlande uitgedeel. Alleen Indië bring swart ebbehout voort en slegs die Sabaeërs het die wierooktwyg. Waarom sou ek jou vertel van balsem wat uit geurende hout drup, of van die peule van die immergroen akasia? Waarom van die Ethiopiërs se plantasies, wit van sagte katoenwol, of hoe die Sjinese fyn 120
sydraadjies van blare afkam? Of van die oerwoude wat Indië, nader aan Oceanus geleë, voortbring, Indië, daardie uithoek aan die einde van die wêreld waar geen pyle hoër kan trek as die lug om die boomtoppe nie? En tog is daardie ras nie lomp as hulle hul pylkokers opgeneem het nie.

Medië bring die suur sap en die klewende geur van die suurlemoen voort, en as wrede skoonmoeders soms die drinkbekers vergiftig, en kruie en skadelike towerspreuke daarmee gemeng het, kom daar geen snelwerkender hulp as dît en dryf die swart venyn uit die ledemate nie. Die boom self is kolossaal en in 130
voorkoms baie na aan 'n lourier, en as hy nie wyd en syd 'n ander geur versprei het nie, dan wás hy 'n lourier. Van geen wind val sy blare af nie, en sy bloeisel sit veral stewig vas. Daarmee reinig die Meders hul asem en slegruikende mond, en dokter hulle hul kortasemige oumense.

Maar, nòg die Meders se woude, allergeilste grond, nòg die skone Ganges, en die Hermus, troebel van goudstof, sou met Italië se roem kon meeding; nie Bactra of Indië of die ganse Panchaia, ryk aan wierookdraende sand nie. Geen bulle wat vuur uit hul neusgate blaas het hierdie land omgeploeg toe die tande van die

ontsaglike draak gesaai is nie, en geen oes van krygers het hier 140
stekelrig van helms en spiese dig teenmekaar gestaan nie. Maar
swaar koringare en Bacchus se Massiese[6] vog het hierdie land
volgestaan; olywe en vrugbare kuddes het hul tuiste hier.
Hiervandaan kom die oorlogsperd wat trots oor die vlakte draf,
hiervandaan, Clitumnus, die sneeuwit kleinvee en die sneeuwit
bul – die edelste offerdier – hulle wat dikwels met jou heilige
water begiet is en die triomfoptogte van die Romeine na die
tempels van die gode gelei het. Hier is dit ewigdurende lente, en
somer in die maande wat aan ander jaargetye behoort. Elke jaar
word die vee tweemaal dragtig, en tweemaal is die boom van nut 150
met sy vrugte. Maar woedende tiers en die grimmige kroos van
leeus is hier nie. Geen akoniet bedrieg die arme plukkers nie, en
die skubbige slang skiet nie sy yslike sirkels oor die grond of rol
hom met 'n geweldige kronkeling in 'n spiraal op nie.

Voeg daarby so baie voortreflike stede, en die geswoeg aan ons
bouwerke; so baie dorpe wat deur ons hande op steil rotse
gestapel is, en so baie strome wat onder eeue-oue mure langs
kabbel. Of sal ek vertel van die seë wat bo[7] en onder teen ons
kuste aanspoel? Of van ons ontsaglike mere? Van jou, Larius,
ons grootste, en van jou, Benacus, wat met golwe en seegedruis 160
dein? Of sal ek vertel van ons hawens en die walle wat vir die
Lucrinusmeer bygevoeg is; van die oseaan wat met luide gedreun
sy verontwaardiging toon waar die waters van Julius in die verte
weerklink as die see teruggedryf word en die branding van die
Tirreense see in die engtes van Avernus instroom? Hierdie einste
land toon strome silwer en kopererts in sy are en vloei oor van
goud. Hierdie land het 'n stoere geslag helde voortgebring : die
Marsi en die Sabynse volk, die Liguriër, gewoond aan swaarkry,
en die Volsci met hul werpspiese; hierdie land die Decii, die
Marii en die groot Camilli; die seuns van Scipio, in oorlog 170
gehard, en vir u, Caesar, die grootste van almal, u wat reeds in
die uithoeke van Asië seëvier en nou die onkrygshaftige Indiër
van die Romeinse vestings af verdryf. Gegroet, groot moeder
van voedsel, land van Saturnus, groot moeder van helde! Tot u
eer begin ek nou met 'n onderwerp van oeroue roem en kuns;[8]
tot u eer het ek dit gewaag om heilige fonteine oop te maak, en
sing ek die lied van Ascra[9] oral in Romeinse dorpe.

Nou is dit die regte plek vir 'n bespreking van die eie aard van
bouakkers – wat elkeen se krag, wat die kleur, en wat sy

natuurlike vermoë is om produkte te dra. Om mee te begin: moeilike grond en nydige heuwels, waar daar maer kleigrond en gruis in die doringveld is, skep behae in Pallas se boord van die duursame olyf. 'n Teken van sulke grond is die olienhout wat in groot getalle in dieselfde streek opskiet, en die veld wat met wilde bessies besaai is. Maar ryk grond wat oorvloedig bedeel is met soet water, 'n vlakte wat dig begroei is met gras en vrugbaar is van geilheid, soos waarop ons gewoond is om dikwels in 'n hol bergvallei af te kyk — van die kranstoppe af vloei daar strome en voer vrugbare slik daarheen — grond wat van die Suide af klim en voeding verskaf aan die varing wat deur die gekromde ploeë verafsku word: hierdie grond sal eendag vir jou uiters sterk wynstokke lewer waarin baie wyn vloei. Hierdie grond is vrugbaar aan die druif, en aan die sap wat ons uit goue bekers pleng wanneer die gesette Etruriër by die altare op sy ivoorfluit blaas, en ons die dampende hartslag in breë skottels aanbied.

Maar as jy eerder die drang het om kuddes grootvee en kalwers aan te hou, of skaaplammers of bokke wat jou bewerkte lande teister, soek jý dan die bergweides en die afgeleë gebied van vrugbare Tarentum op, of 'n vlakte soos wat arme Mantua verloor het, een wat sneeuwit swane met sy grasbegroeide stroom voed. Helder fonteine en gras sal jou kuddes daar nie ontbreek nie, en net soveel as wat die kuddes gedurende die lang dae afvreet, sal die koel dou in die kort nag herstel.

Swart grond, wat vet is onder die ingedrukte ploegskaar en 'n krummelrige bodem het — want dît is wat ons met ons ploeëry naboots — is gewoonlik die beste vir koring; van geen ander vlakte af sal jy meer waens met langsaam bewegende osse sien huis toe wegtrek nie; of een waarvandaan die ontstoke ploeër die bome weggery het, en die bosse wat baie jare lank geen opbrengs gelewer het nie, vernietig, en die oeroue tuistes van die voëls wortel en tak uitgeroei het. Húlle het hul neste verlaat en die hoogte in gepyl, maar onder die diepgedrukte skaar het die onbewerkte vlakte geblink. Want voorwaar, rûensveld se skraal gruisgrond bied aan die bye nouliks dwergkaneel en roosmaryn. En skilferige tufsteen en kalkklip wat deur swart waterslange uitgevreet is, sê geen ander veld dra sulke lekker kos en bied sulke kronkelende skuilplekke vir slange nie. Grond wat 'n yl mistigheid en vlugtige rookdampe uitadem, en water indrink en dit vanself weer laat uitsyfer wanneer hy wil, wat homself

voortdurend met sy eie groen gras beklee en die ysterskaar nie
met skilferigheid en sout roes beskadig nie – dît is die grond 220
wat jou olmbome met geil wingerdranke sal omvleg, dît is grond
wat ryk is aan olyfolie, en dît is die grond wat jy deur be-
werking sowel inskiklik vir jou kudde as verdraagsaam teenoor
die krom ploegskaar sal ervaar. Sulke grond ploeg ryk Capua en
die kusstreek wat aan die Vesuviushoogte grens, asook die
Claniusrivier, wreed teenoor verlate Acerrae.

Nou sal ek vertel hoe jy elke grondsoort sou kan uitken. As jy
wil weet of dit los of buitengewoon vas is – aangesien een
geskik is vir koring, 'n ander vir wyn : die vaster soort vir Ceres,
en al die heel losses vir Bacchus – moet jy eers met die oog 'n
plek uitkies, en opdrag gee dat 'n gat diep in die vaste bodem 230
gegrawe word. Plaas dan al die grond weer terug en maak die
boonste sand met jou voete gelyk. As daar kortkom, sal die
grond los wees, vrugbaar en meer geskik vir vee en weldadige
wyn. Maar as dit sê dit kan nie in sy ruimte ingaan nie en daar
skiet grond oor nadat die gat gevul is, dan is die land turfagtig.
Verwag dan taai kluite en grofgebreekte ploegvoorrûens, en
ploeg jou grond met sterk bulle. Maar souterige grond, die wat
ook "bitter" genoem word – vir graan is dit onvrugbaar, van
ploeg word dit nie sag nie, en dit bewaar nie vir wyn sy ka- 240
rakter, of vir appels hul roem nie – sal dié aanduiding gee. Haal
jou mandjies van diggevlegte wilgerlatte en jou wynperssiwwe
van die rookdeurtrekte dakbalke af. Laat hierdie swak grond
propvol hierin ingetrap word saam met soet water uit fonteine.
Al die water sal natuurlik met moeite tevoorskyn dring en
groot druppels sal deur die vlegwerk tap. Maar hul onmis-
kenbare geur sal die bewys lewer en die proewers se monde vies
laat plooi van die bitter smaak. Insgelyks leer ons grond wat ryk
is slegs op die volgende wyse ken: nooit krummel dit as dit in
jou hande gebrei word nie, maar net soos pik word dit klewerig 250
aan die vingers van die vashou.

Klam grond kweek groter plante en is uiteraard geiler as wat
nodig is. Maar ai!, laat dit vir my nie té vrugbaar wees, en laat
hy hom nie alte sterk betoon wanneer die are nog jonk is nie!
Swaar grond verraai homself stilswyend bloot deur sy gewig, en
ligte grond ook. Dis maklik vir die oog om swart grond direk uit
te ken, of te sien wat die kleur van elke soort is. Maar om snode
koue op te spoor is moeilik: slegs pyn- en skadelike taksisbome,
of donker klimop onthul soms sy spore.

Na jy nou op hierdie dinge gelet het, moet jy onthou om jou grond lank vooruit te laat bak, die groot knoppe met groewe te deursny, en om die omgekeerde kluite aan die Noordewind 260 bloot te stel voordat jy die blye geslag van die wynstok plant. Lande met krummelrige grond is die beste: daarvoor sorg die winde, die ysige ryp en die sterk boer wat die omgespitte akkers los maak. Maar manne wie se waaksaamheid hulle nooit verlaat nie, soek eers 'n plek uit waar die jong druiwestokke vir die stutbome gereed gemaak kan word, 'n plek soortgelyk aan dié waarheen dit binnekort gebring en uitgeplant gaan word, om te voorkom dat die jong plantjies hul skielik veranderde moedergrond nie herken nie. Meer nog, hulle merk op die bas die hemelstreek aan om die manier waarop elkeen gestaan, die kant waarmee hy die hitte uit die Suide verduur, en die rugkant wat 270 hy na die noordpool toe gedraai het, weer te herstel soos dit was : so sterk is gewoonte in die tenger jare.

Stel allereens ondersoek in of dit beter is om jou wynstokke op heuwels of op gelyk grond te plant. As jy geil vlaktegrond afgebaken het, moet jy dig teen mekaar plant – op diggeplante grond dra die wynstok nie minder nie. Maar as jy grond uitgemeet het wat geleidelik teen hoogtes oploop, of sag afhellende heuwels, moet jy ruimte aan die rye gee. Nietemin, as die bome klaar geplant, is, moet elke laan 'n presiese reghoek vorm met die kruislaan wat hy sny, soos dikwels in 'n magtige oorlog, wanneer 'n lang legioen sy kohorte ontplooi, die kolonne op die 280 oop vlakte halt, die slaglinies gerig is en die ganse aarde wyd en syd met glinsterende brons dein; en nog begin hulle nie die aaklige gevegte nie, maar Mars dwaal huiwerend tussen die leërmagte rond. Laat alles met 'n simmetrie van lane uitgemeet wees, nie net dat die voorkoms die moeë gees kan verkwik nie, maar omdat die aarde andersins nie aan lamal eweveel krag sal gee, en die takke hulle nie in die vrye lug sal kan uitstrek nie.

En miskien sou jy vra wat die diepte van die gate moet wees. Ek sou waag om 'n wynstok selfs aan 'n vlak voor toe te vertrou, maar 'n boom word dieper en ver in die aarde af ingeplant, veral die wintereik wat met sy kruin net so hoog na die hemelse 290 briese opreik as wat hy met sy wortel na die Onderwêreld afboor. Daarom ontwortel geen storms, geen windvlae of reënbuie hom nie; onwankelbaar bly hy staan en laat baie kinders se kinders, baie mensegeslagte by hom verbyrol, en

oorleef hulle deur uit te hou. Dan strek hy sy sterk takke wyd uit na alle kante soos arms, en self die middelpunt, onderskraag hy 'n reuseskaduwee.

Laat jou wingerd ook nie na die ondergaande son toe kyk nie, en moet ook nie haselare tussen die wynstokke plant, of die boonste ranke afsny, of lote uit die kruin van die boom breek nie – so sterk is hul liefde vir die aarde – of die jong lote met 'n stomp snoeimes seermaak, of stamme van wilde-olyf tussen hulle plant nie. Want dikwels val daar 'n vonk van onverskillige herders af, wat eers skelmpies onder die olieryke bas skuil en die hout pak. Dan sluip hy uit na die hoë blare en laat 'n geweldige geknetter die hemel in styg. Vandaar storm hy as oorwinnaar deur die takke heen en heers oor die hoë kruine. Hy hul die ganse woud in vlamme, en dig van pikagtige rook skiet hy 'n swart wolk na die hemel op, veral as 'n storm uit die hoogte op die bosse neergestort het en die wind die vlamme aanwaai en opeenhoop. Wanneer dît gebeur, het hulle geen krag in hul stam nie, en as hulle afgekap word, kan hulle nie herstel of weer uit die bodem van die aarde groen uitbot tot dieselfde plante wat hulle was nie: alleen die onvrugbare olienhoutboom met sy bitter blare oorleef dit.

En laat geen raadgewer, hoe slim ook al, jou ompraat om die verstyfde grond om te spit wanneer die Noordewind waai nie. Dan sluit die winter die lande met sy ryp, en wanneer die jong plant ingesit is, laat hy nie toe dat dit sy bevrore wortel in die aarde vasslaan nie. Die beste uitplanttyd vir wynstokke is wanneer die wit voël, gehaat deur die lang slange, in die blosende lente opdaag, of vlak voor die eerste herfskoue wanneer die versengende Son nog nie die winter aanraak met sy perde nie en die somer reeds aan die verbygaan is. Die lente is by uitstek dienstig vir die lower van die woude, ja, dienstig is die lente vir die bosse. In die lente swel die grond en roep om lewegewende saad. Dan daal die Hemel, die almagtige vader, met bevrugtende reëns in die skoot van sy verheugde gemalin[10] neer, en voed elke gewas wanneer hy in al sy mag met haar magtige liggaam verenig. Dan weerklink die afgeleë ruigtes van welluidende voëls, en soek die kuddes op vasgestelde dae opnuut na Liefde. Die milde aarde bring voort, en by die louwarm briese van die Westewind open die velde hul skoot. Sagte vog is in alles oorvloedig aanwesig, en die gras durf hulle met veiligheid aan die

nuwe sonne[11] toevertrou. Die wingerdrank vrees ook nie die opstekende Suidewinde of die reënbui wat deur sterk Noordewinde uit die hemel neergedryf is nie, maar stoot sy botsels uit en ontvou al sy blare.

Dae soos die, sou ek glo, het by die vroegste ontstaan van die wêreld in wording aangebreek, en net so het hulle verloop. Lente was dit toe, die groot aarde het lente gevier, en die Oostewinde het hulle wintervlae weggehou toe die eerste vee die 340
lig ingedrink, en die ystersterk geslag van helde hul kop uit die harde velde uitgesteek het, toe wilde diere in die bosse, en sterre in die hemel losgelaat is. En tere dinge sou hierdie inspanning nie kon verduur het as daar nie so 'n lang verposing tussen die koue en die hitte gekom, en milde weer nie die aarde oorgeneem het nie.

En laastens, watter steggies jy ook al in jou lande plant, bestrooi dit met ryk mis, en moenie vergeet nie, bedek dit met 'n dik laag grond: of spit sandsteen of growwe skulpe by hulle in. Want die water sal daartussen deursypel, 'n ligte luggie sal binnesluip en die plante sal moed skep. Voorheen is daar al 350
mense gevind wat die plante met klippe en baie swaar potskerwe toegepak het : dît is beskerming teen stortreëns, dît wanneer die hittebringende Hondster die lande, gapend van dors, laat oopbars.

Wanneer die jong wingerdstokkies uitgeplant is, bly daar vir jou nog die taak oor om die grond gedurig om die wortels los te woel en die harde tweetandskoffelpik te swaai, of om die bodem onder die ingedrukte ploegskaar te bewerk en jou beurende bulle selfs tussen die wingerdrye te laat draai. Dan is dit jou taak om gladde riete en stokke met afgeskilde bas, en eshoutpale en stewige mikke in te plant, sodat die wingerdstokke op húlle krag kan steun en gewoond kan raak daaraan 360
om die winde te minag en van die een verdieping na die ander tussen die olmtoppe op te rank.

En terwyl hul prille jeug met nuwe blare opgroei, moet jy versigtig wees met die tenger plantjies, en solank die loot met vrye teuels deur die helder lug uitskiet en hom met blydskap na die briese verhef, moet jy die plantjies self nog nie met die skerpte van die snoeimes aanpak nie, maar die blare met ge-

kromde vingers afpluk en hier en daar uitdun. Daarna, wanneer hulle reeds met sterk stamme die olmbome omhels en boontoe klim, top dán hulle lokke, snoei dán hul arms – voordat hulle vir die mes terugdeins – voer dán uiteindelik 'n streng heerskappy en beteuel die golwende ranke. 370

Jy moet ook heinings vleg en jou hele kudde weghou, veral solank die blaar nog jonk is en niks van swaarkry weet nie. Behalwe wrede winters en die felle son, verniel die wilde oeros[12] en graag-knabbelende reebokooie dit gedurig, en vreet skape en gulsige koeie dit af. Geen koue, verstyf van wit ryp, of somerhitte wat swaar op dorre kranse lê, het soveel skade daaraan gedoen as daardie kuddes en die gif van hulle skerp tande en die littel en wat deur hul byt op die stam ingegrif is nie. Vir geen ander sonde word 'n bok op alle altare tot eer van Bacchus geslag, verskyn ou toneelstukke op die verhoog, het die nageslag van Theseus[13] oral in hul dorpies en by die kruispaaie belonings vir talentvolle geestigheid ingestel, en tussen bekers wyn vreugdevol in die sagte velde op oliegedrenkte sakke gebokspring nie. Ook die Italiaanse boere, 'n volk van Troje af gestuur, vermaak hulself met primitiewe verse en skaterlag, sit grieselrige mombakkiese van uitgeholde boombas op, roep u, o Bacchus, met vrolike liedjies aan, en hang sagte wasmaskers tot u eer aan 'n hoë den op. Ten gevolge hiervan word elke wingerd met 'n oorvloedige opbrengs ryp, en kom hol valleie en bodemlose bergweides en elke plek waarheen die god sy edele hoof gedraai het, tot volheid. Daarom sal ons op paslike wyse aan Bacchus sy besondere eer betoon in die liedjies van ons vaderland, en offerskottels en -koeke bring; daarom sal die gewyde bok, aan die horing gelei, voor die altaar staan, en sal ons die vet hartslag aan braaispitte van haselhout braai. 380 390

Die verbouing van die wynstok het ook nog hierdie ander taak waarmee nooit klaargekry word nie. Want al die grond moet jaarliks drie- of viermaal oopgekloof, die kluite moet onophoudelik met omgekeerde tweetandskoffelpikke stukkend geslaan, en die hele woud moet van sy blare verlig word. Boere se werk kom weer, want dit word in 'n sirkelgang voortgedryf, en die jaar rol op sy eie spore in homself terug. En dadelik, telkens wanneer die wingerd sy laaste blare laat val en die koue Noordewind die woude se skoonheid van hul afgeskud het, dadelik brei die flukse boer sy sorge dan na die komende jaar toe uit, val 400

die wynstok wat aan homself oorgelaat was met Saturnus se krom snoeimes aan, sny hom terug en gee hom vorm met die snoei.

Wees jy die eerste wat jou grond omspit, die eerste wat die snoeisels uitry en verbrand, en die eerste wat jou stutpale onder dak bring: maar jy moet laaste oes. Tweemaal neem die skaduwee oor jou wingerd toe, tweemaal oortrek onkruid jou land 410
met digte doringstruike. Albei is harde werk: prys groot plase, maar bewerk 'n kleintjie. Oral in die bos word daar ook nog ruwe lote van die braambos, en rivierriet op die oewers gekap, en die versorging van die wildewilger hou jou gedurig besig. Nou is die wynstokke opgebind, nou lê die wyngaard die snoeimes neer, nou sing die laaste wingerdsnoeier van sy afgehandelde rye. Jy moet egter die grond omspit en stof laat trek, en ter wille van jou reeds rypgeworde druiwe bang wees vir Jupiter se reëns.

Olywe, daarenteen, het geen versorging nodig nie, en húlle wag 420
nie op die die krom snoeimes en stewige skoffelpikke as hulle eers eenmaal aan die velde vasgeklou en die winde getrotseer het nie. Die aarde self lewer voldoende vog vir die plante as dit met die krom tand van die skoffelpik losgekap, en 'n swaar vrugtedrag as dit met die ploegskaar oopgebreek word. Op hierdie wyse moet jy die vet olyf wat vir Vrede behaaglik is, kweek.

Ook vrugtebome, sodra hulle hul sterk stamme bemerk het en hulle eie krag besit, beur met kenmerkende mag ylings na die sterre en het ons hulp nie nodig nie. En intussen word elke woud net so vinnig swaar van vrugte, en die onbeboude verblyfplekke van die voëls bloos van bloedrooi bessies. Die lusern 430
word afgewei, die hoë bos verskaf dennehoutfakkels, die nagtelike vure word gevoed, en versprei hulle lig. En weifel mense dan nog om te plant en sorg te bestee? Waarom sou ek 'n relaas van groter dinge gee? Wilgerbome en nederige bremstruike — dis húlle wat òf blare aan die kudde verskaf òf skaduwee aan die herders, en 'n heining vir gesaaides en voedsel vir heuning. Dis 'n genot om Cytorusberg, golwend van bukshoutbome, en die woude van Naryciaanse denne te aanskou! Dis 'n genot om velde te sien wat niks aan skoffelpikke, niks aan enige sorg van mense verskuldig is nie. Selfs die onvrugbare bosse op Kaukasusberg se kruin, wat die woedende Oostewinde gedurig breek 440

en buig, lewer elk na eie aard sy opbrengste, lewer nuttige timmerhout: dennebome vir skepe, die seder en sipresse vir huise. Hiervan draai boere speke vir wiele, hiervan speeklose wiele vir waens, en lê hulle breë kiele vir skepe. Wilgerbome is ryk aan bindlatte, olms aan blare, maar die mirt en die kornoelieboom aan sterk spiesskagte, nuttig in oorlog, terwyl taksisbome tot Ituraeiese[14] boë gebuig word. Ook gladde lindebome, of bukshout wat op die draaibank gepolys is, neem vorm aan en word deur die skerp beitel uitgehol. En ook die 450
ligte elsboom word op die Po gestoot en swem deur sy onstuimige golwe: en bye verberg hul swerms in hol boombas en in die buik van 'n halfvergane steeneik. Wat het Bacchus se gawes opgelewer wat ewe noemenswaardig is? Bacchus het selfs al aanleiding gegee tot vergryp: dis hý wat die rasende Sentoure met die dood getem het – Rhoecus en Pholus, en Hylaeus wat die Lapithae met 'n yslike mengvat dreig.

O gelukkige boere, alte gelukkig as hulle hul seëninge sou ken! Ver van twistende wapens af skink die allerregverdigste aarde ongevraag vir hulle 'n maklike leeftog uit sy grond. Al braak 460
geen rysige woning met 'n trotse ingang smôrens vir hulle 'n geweldige stroom vleiers uit al sy sale nie, en al gaap hulle nie deure aan wat met pragtige skilpaddop ingelê is, of klere, verbeeldingryk met goud opgesmuk, of Korinthiese bronswerke nie; al word hul wit wol nie met Assiriese gifstof gekleur, en hul gebruik van helder olyfolie nie met kaneel bederf nie, is daar tog vir hulle onbekommerde rus, en 'n lewe wat bedrog nie ken nie maar ryk is aan skatte van allerlei soort. Ja, vir hulle is daar ontspanning op die uitgestrekte velde, is daar grotte en natuurlike mere, koel valleie en die gebulk van beeste, en soete slaap onder 'n boom. By hulle is daar bergweides en die skuil- 470
plekke van wilde diere; 'n jeug wat teen werk gehard is en gewoond om met baie min klaar te kom, aanbidding van die gode en eerbied vir die vadere; by hulle het Geregtigheid haar laaste spore getrap toe sy van die aarde vertrek het.

Maar laat die Muses, dierbaar bo alles, hulle wie se heilige kentekens ek dra – want ek is getref deur 'n magtige liefde – my allereers by hulle verwelkom en my die hemelbane en die sterre, en die verskillende sons- en maansverduisteringe toon; waar aardbewings vandaan kom; van welke mag die diep seë swel, hul versperrings verbreek en weer in hulself terugtrek;

waarom die wintersonne hul so erg haas om in die Oseaan in te duik, of watter oponthoud die langsame nagte in die weg staan. Maar as die koue bloed om my hart verhoed dat ek hierdie terreine van die natuur kan bereik, laat die velde en die vloeiende strome in die dale my dan bekoor, laat my roemloos riviere en bosse liefhê. O daar waar die vlaktes en die Spercheusrivier lê, en Taÿgetus waarop Spartaanse meisies Bacchusfeeste vier! O mag daar tog iemand wees om my in die koel valleie van die Haemus neer te lê en met 'n magtige skaduwee van takke te beskut!

Gelukkig is hy wat die oorsake van dinge kon deurgrond, en alle vrees en die onverbiddelike noodlot en die gedruis van die gierige Onderwêreld onder sy voete vertrap het. Gelukkig is ook hý wat die landelike gode ken: Pan, die ou man Silvanus, en die Nimfe-susters. Vir hom beinvloed die roedebundels van die volk nie, nie die purper van konings en die twis wat trouelose broers teen mekaar aanhits nie. Ook nie die Daciër wat van die saamgeswore Donou af neerstorm, of die mag van Rome, of koninkryke wat bestem is om onder te gaan nie. Hý ken nie pyn wat spruit uit jammerte vir die arm man nie, en hy beny nie die man wat iets besit nie. Hy pluk die vrugte wat die takke, wat die velde self gewilliglik uit eie beweging dra. Ysterharde wette, die waansinnige markplein, of die volksargiewe sien hy nie. Ander bring onbekende seë met roeispane in beroering, storm op die swaard af en dring die paleise en voorhowe van konings binne. Die een val 'n stad en sy arme huisgode met verdelging aan, sodat hy uit 'n juweelbesette drinkbeker mag drink en op Tiriese purper mag slaap. 'n Ander vergaar skatte en broei op goud wat hy begrawe het; die een gaap die sprekerstoel verbluf aan; die applous van die volk en senatore wat weer en weer tussen die blokke sitplekke dawer, voer 'n ander een verbluf mee. Dis hul vreugde om van broederbloed deurdrenk te wees, en hulle verruil hul huise en dierbare haarde vir ballingskap en soek 'n vaderland wat onder 'n vreemde son geleë is.

Intussen het die boer die aarde met sy gekromde ploeg omgewoel: dît is sy werk van die jaar, dááruit onderhou hy sy vaderland en sy ou klein kindskindertjies, daaruit sy beeskuddes en troue bulle. Sonder verposing lewer die jaar 'n oorvloed van òf vrugte òf jong vee, òf gerwe van Ceres se koringhalms, en hy oorlaai die ploegvore met sy opbrengs en oorwin die skure. Die

winter kom: Sicyon se bessie[15] word in die olieperse gepars,
die varke keer vet van die eikels terug, en die woude lewer
wildeaarbeie. Ook die herfs lewer verskillende vrugte, en hoog 520
teen sonbestraalde kranse word die wynoes ryp gebak. Intussen
hang sy liewe kinders om sy soentjies, sy kuise huis bewaar sy
reinheid, die koeie laat sak hul melkgevulde uiers, en op die geil
gras stoei die vet bokkies met hul horings teenmekaar. Die boer
self bring die dae feestelik deur, en uitgestrek op die grasperk,
wanneer 'n vuurtjie in hul midde brand en sy vriende die meng-
vate omkrans, bring hy 'n plengoffer en roep u aan, Lenaeus[16],
en stel vir die veewagters wedstryde met die gevleuelde jagspies 530
in die olmboom op, of hulle ontbloot hul uiters geharde lywe in
die landelike stoeikryt.

Hierdie lewe het die ou Sabyners eertyds gelei, hierdie lewe
Remus en sy broer. So, gewis, het dapper Etrurië in mag toe-
geneem, het Rome die skoonste stad ter wêreld geword en met
'n muur haar sewe heuwels saam omring. Selfs nog voor die
heerskappy van die koning[17] van Dicte, en voordat 'n goddelose
ras feestelik gesmul het aan geslagte bulle, het goue Saturnus
hierdie lewe op die aarde gelei toe mense ook nog nie gehoor
het dat 'n krygsbasuin geblaas word nie, nog nie dat swaarde
kletter waar hulle op harde aambeelde geplaas is nie. 540

Maar ons het 'n vlakte, ontsaglik in sy uitgestrektheid, oor-
gesteek, en nou is dit tyd om ons perde se dampende nekke af
te toom.

14

Georgicon III: Veeboerdery

Ook u sal ek besing, grote Pales, en vir u, beroemde herder[1] van Amphrysus, en vir julle, bosse en strome van Lycaeus. Ander temas wat sorgvrye harte met poësie sou kon boei, is almal reeds holrug gery. Wie ken nie die wrede Eurystheus of die vervloekte altare van Busiris nie? Deur wie is die seun Hylas, Delos van Latona, Hippodame, of Pelops wat die oog vang met sy ivoorskouer en onverskrokke met perde is, nie besing nie? Ek moet 'n pad probeer waarlangs ek my ook van die aarde af sou kon lig en seëvierend op die lippe van mense kon rondvlieg.

Ek sal die eerste wees, as daar maar net lewenstyd oorbly, wat by my terugkeer na my vaderland die Muses triomfantelik van die Aoniese kruin[2] af saambring; die eerste, Mantua, wat vir jou die palms van Idumaea terugbring, en op die groen vlakte 'n marmertempel by die water oprig, waar die geweldige Mincius met langsame kronkelings dwaal en sy oewers met malse riet omsoom. In die middel sal my Caesar staan, en hy sal die heiligdom bewoon. Tot sy eer sal ek, opvallend in Tiriese purper, 'n honderd vierspanstrydwaens seëvierend langs die rivier dryf. Vir my sal die ganse Griekeland die Alpheus en die bosse van Molorchus verlaat, en in naellope en met rou-vel bokshandskoene meeding. Ek self, my hoof met bygeknipte olyfblare versier, sal die offergeskenke bring. Reeds nou al is dit 'n vreugde om plegtige optogte na die heiligdom te lei en die geslagte bulle te aanskou; of om te sien hoe die agtergrond uiteengaan as die sytonele omgeswaai word, en hoe die ingeweefde Britte die purper gordyne optrek. Op die deure sal ek

die geveg van die Gangaride, die wapens van die seëvierende Quirinus in goud en massiewe ivoor uitbeeld; daarop ook die Nyl wat van oorlog dein en in volle vloed stroom, asook suile wat met brons van skepe in die lug oprys. Daarby sal ek die verowerde stede van Asië en die verslane Niphates[3] voeg, en die 30
Parth wat staatmaak op vlug en pyle wat na agter afgeskiet word; ook die twee trofeë wat met geweld aan vyande, ver van mekaar, ontruk is, en die volke aan elk van die twee kuste oor wie daar tweemaal getriomfeer is. Daar sal ook werke van Pariese marmer staan – beelde wat asemhaal : die nakroos van Assaracus, die name van 'n geslag wat uit Jupiter stam, vader Tros, en die Cynthiër,[4] stigter van Troje. Heillose Afguns sal die Furieë en die grimmige stroom van die Cocytus vrees; ook Ixion se deurvlegte slange en vreeslike wiel, en die onoorwinlike rotsblok.[5]

Laat ons intussen die woude en ongerepte dale van die Dryades[6] 40
volg – geen maklike opdrag van u nie, Maecenas! Sonder u begin my gees niks verhewens nie. Nou kom dan, weg met die trae getalm! Cithaeron, die honde van Taÿgetus, en Epidaurus, temster van perde, roep ons op met luide geskree, en dawerend weerklink die geroep, verdubbel deur die instemming van die woude. Tog sal ek my weldra omgord om van Caesar se vurige gevegte te sing, en om sy naam in gerug deur soveel jare heen te dra as wat Caesar van Tithonus se vroegste oorsprong af verwyder is.

Of iemand nou uit bewondering vir die prys van die Olimpiese palm perde teel, en of iemand bulle, sterk vir die ploeg, groot- 50
maak, hy moet veral die moers se bou uitkies. Die beste bou is die van 'n trots-oog koei met 'n lelike kop en 'n baie dik nek, en waarvan die keelvelle van die kaak tot op die bene hang. Daarbenewens het haar lang flank geen perk nie: alles is groot, selfs die poot en die harige ore onder die krom knyphorings. En ek sou ook van een hou wat met wit spikkels die aandag trek, of wat die juk weier en soms woes is met die horing, en wat haar gesig betref, meer na 'n bul lyk; een wat in die geheel hoog staan, en as sy stap, met die punt van die stert oor haar spore vee. Die ouderdom om moederskap en regmatige huwelik te ervaar, hou voor die tiende jaar op, en begin na die vierde. Die 60
res van haar lewe is sy nie geskik vir aanteel, en ook nie sterk vir die ploeg nie. Intussen, solank die blye jeug nog oorvloedig in

die kuddes aanwesig is, moet jy die bulle loslaat; wees jy die eerste om jou vee te laat paar, en lewer die een kalweroes na die ander deur teling. Al die beste dae van die lewe vlieg vir arme sterwelinge die eerste verby; siektes en droewe ouderdom en ellende sluip nader, en die meedoënloosheid van die wrede dood raap hul haastig weg. Daar sal altyd diere wees waarvan jy die bou sou wil verander : in ieder geval moet jy hulle altyd vernieu, en om te voorkom dat jy later terugverlang na wat jy verloor het, moet jy vooraf stappe doen en jaar na jaar jong diere vir jou kudde uitkies.

Dieselfde keuring is ook nodig vir 'n perdetrop. Jy moet net aan dié wat jy sal besluit om tot hoop van jou stoet groot te maak, reeds van baie jonk af besondere sorg bestee. 'n Vul uit 'n edel geslag trap van die staanspoor af hoër in die velde en plaas sy pote liggies neer. Hy het die durf om voor te loop, dreigende strome te trotseer, hom aan 'n onbekende brug toe te vertrou, en hy skrik ook nie vir niksseggende geluide nie. Sy nek staan hoog, sy kop is fynbesnee, sy buik kort, sy rug breed, en sy fiere bors bult weelderig van die spiere. Die goeie perde is die vosse en blouskimmels; wittes en liggéles het die swakste kleur. En dan, as wapens in die verte gekletter het, kan hy nie stilstaan nie. Hy spits sy ore en bewe in sy ledemate; hy snork[7] en laat sy versamelde vuur onder sy neusgate rol. Sy maanhaar is ruig, en as hy dit gegooi het, golf dit op sy regterblad neer; tussen sy lendes loop die ruggraat dubbelbreed, hy hol die grond uit, en sy hoef van stewige horing dreun diep. So 'n perd was Cyllarus wat deur Pollux van Amyclae se teuels getem is, en dié waarvan die Griekse digters melding maak: die tweespan van Mars en die span van groot Achilles. En so het Saturnus self, flink by die aankoms van sy vrou, sy maanhaar oor sy perdenek gegooi en in sy vlug die hoë Pelion met 'n skril gerunnik vervul.

Ook wanneer 'n perd agteruitgaan, verswak deur siekte of reeds alte traag van die jare, moet jy hom op stal weghou en sy nare ouderdom nie verskoon nie. 'n Ouerige perd is koud vir paring en vervul langsaam en vergeefs 'n ondankbare taak. En as dit die slag tot 'n geveg gekom het, woed hy vergeefs, soos 'n groot vuur soms kragteloos in stoppels brand. Jy sal dus veral let op vurigheid en jeugdigheid; daarna op ander deugde, die afstamming van sy ouers, hoe groot elkeen se verdriet is na 'n neerlaag en hoe groot die trots op 'n oorwinning.

Sien jy dan nie, wanneer renwaens in 'n halsoorkop wedstryd oor die vlakte weggesnel het en in 'n stroom van die slagboom af storm, wanneer die jong drywers se hoop styg en polsende vrees hul bonsende harte vermoei nie? Met kronkelende sweep jaag hulle voort, leun vooroor en gee teuel; woes vlieg die warm wiel voort. Die een oomblik laag gebuk, die ander oomblik hoog opgerig, lyk dit of hulle deur die leë lug sweef en na die hemel opstyg. Geen oponthoud, geen rus is daar nie, maar 'n wolk geelbruin stof slaan op, en hulle word nat van die skuim en asem 110
van die agtervolgende perde : so sterk is hul begeerte na roem, soveel waarde heg hulle aan oorwinning.

Ericthonius het dit eerste gewaag om vier perde voor 'n renwa te span en in volle vaart as oorwinnaar oor die wiele te staan. Die Lapithae van Pelethronium[8], op die perd se rug geplaas, het ons die toom en draaibewegings gegee, en die ruiter geleer om in volle wapenrusting sekelnek oor die grond te trippel en sy trotse pas met gekromde voorpote uit te voer. Albei take[9] is ewe swaar, en afrigters soek eweseer 'n jong dier uit wat vurig van gees en kragtig in die hardloop is, al het die ander[10] een al dikwels die vlugtende vyand voor hom uit gedryf, en noem hy 120
Epirus of magtige Mykene sy vaderland en spoor hy sy ras uit Neptunus[11] se afkoms self na.

Wanneer telers aan hierdie aspekte aandag gegee het, laat hulle, wanneer die regte tyd nader, geen steen onaangeroer nie en bestee alle sorg daaraan om die een wat hulle as leier gekies en as hings vir die trop aangestel het, met stewige vet uit te vul. Hulle sny vir hom gras in blom en verskaf vars water en koring, sodat hy opgewasse kan wees vir sy aangename taak, en swak vullens nie hul vaders se maerheid weergee nie. Hulle maak egter juis die merries doelbewus maer deur uithongering en wanneer die reeds bemerkte wellus die eerste paring ontlok, gee hulle nie bladvoer nie en hou die diere van die waterbronne af weg. 130
Dikwels gee hulle hul ook oefening met hardloop en put hulle uit in die son, terwyl die dorsvloer swaar onder die getrapte koring kreun en die leë kaf teen die opstekende Westewind in opgegooi word. Dît doen hulle om te voorkom dat die bruikbaarheid van die teelakker nie van alte groot weelde effens afgestomp sal wees en die trae vore laat toeslik nie, maar dat dit die saad dorstig sal aangryp en diep binne in hom bêre.

Dan weer, begin die versorging van die vaders af te neem en dié
van die moeders die plek daarvan in te neem. Wanneer hulle
maande voltooi is en hulle swaar dragtig ronddwaal, moet
niemand hul toelaat om die jukke van swaar waens te trek, of 140
oor 'n pad te spring, of in vurige vlug oor die weivelde te hard-
loop, of meesleurende riviere in te swem nie. Hulle laat hul
in oop bergweides en langs vol riviere wei waar daar mos is en
die oewer die groenste van die gras, waar grotte skuiling kan
bied en die skadu van die krans uitgestrek kan lê.

In die omgewing van die Silaruswoude en Alburnusberg, groen
van die steeneike, swerm daar 'n gevleuelde insek waarvan die
Romeinse naam "asilus"[12] is – die Grieke het dit vertaal en
noem hom "oestrus" – 'n kwaai ding wat venynig gons en
waarvoor hele kuddes doodverskrik in alle rigtings deur die
bosse vlug. Geskok deur hul gebulk dawer die lug waansinnig, en 150
ook die woude en die oewers van die dorre Tanager. Met hierdie
gedrogtelike ding het Juno eens op 'n tyd haar afgryslike woede
botgevier toe sy 'n plaag bedink het vir Inachus se vers-
dogter.[13] Hierdie ding – want in middaghitte val hy venyniger
aan – moet jy van dragtige vee af weghou en jou kudde pas na
sonsopkoms laat wei, of wanneer die sterre die nag aanbring.

Nadat die koeie gekalf het, word alle sorg op die kalwers oor-
gedra. Sonder uitstel brand hulle die merk en naam van die ras
in, en merk dié wat hul wil grootmaak vir die behoud van die
kudde, of heilig wil bewaar vir die altare, of wil hê om die aarde 160
oop te kloof en die vlakte om te keer dat dit hobbelrig lê van
die opgebreekte kluite. Die res van die kudde wei in die groen
gras, maar dié wat jy vir plaasbelange en plaasgebruik gaan oplei,
moet jy reeds as kalwers aanmoedig en die weg van makmaak
betree, terwyl die jong diere se aard nog meegaande, terwyl hul
leeftyd nog buigsaam is. En heel eerste moet jy lospassende
halters van slanke wilgerlat om hul nekke bind. Daarna, wanneer
hul vrye nekke aan diensbaarheid gewoond geraak het, koppel
jy hulle in pare wat juis aan die halsbande aanmekaar vasgemaak
is, en dwing jy die bulletjies om langs mekaar te loop. En laat
hulle nou reeds dikwels leë karre oor die aarde trek en hul spore 170
op die stof se oppervlakte intrap. Daarna moet die as van
beukehout onder 'n swaar gewig beur en kraak, en moet die
bronsbeslane disselboom die paar wiele trek. Intussen sal jy vir
hul ongetemde jeug nie net gras, skraal wilgerblare en moerasriet

met die hand afpluk nie, maar ook jong koring. En jou kalwerkoeie sal ook nie volgens die gebruik van ons voorvaders die sneeuwit melkemmers vul nie, maar hul uiers ten volle aan hul dierbare kroos bestee.

Maar as jou belangstelling eerder na oorlog en woeste ruitereskadrons neig, of om op wiele langs Pisa se Alpheusstrome voort te gly en jou vliegende strydwa in Jupiter se heilige woud te dryf, dan is jou perd se eerste taak om die strydlus en wapens van die krygers te aanskou, trompetgeskal te verduur, die gekreun van die voortgesleurde wiel te verdra, en die rinkelende tooms in die stal te hoor; daarna, om hom meer en meer te verbly in sy afrigter se strelende lof, en om van die geluid te hou as sy nek geklop word. En laat hom hierdie dinge waag sodra hy van sy moeder gespeen is, en laat hom nou en dan sy neus in sagte halters steek, selfs as hy nog swak en bewend, selfs nog onbekend met die lewe is. Maar as drie somers verby is en die vierde breek aan, moet hy spoedig in die sirkelbaan begin draf, sy hoewe met ritmiese treë laat klap, sy bene om die beurt in boë krom, en lyk soos een wat hard werk. Dan, ja, dan moet hy die winde met sy vaart uitdaag, asof vry van teuels oor die oop vlaktes vlieg, en sy spore nouliks op die sand se oppervlakte afdruk – soos wanneer 'n hewige Noordewind van Hyperboreïese[14] kuste af neergestort het en Skithië se storms en waterlose wolke voor hom uitsprei; dan sidder die hoë graan en watervlaktes onder sy ligte vlagies, die boomtoppe ruis, en lang golwe stu na die strande; maar hý kom aangevlieg en skeer in sy vlug tegelyk oor velde en seë heen. So 'n perd sal òf by die draaipunte en reuserondtes van Elis se renbaan sweet en bloederige skuim uit sy bek laat drup, òf met soepel nek Belgiese strydwaens beter trek. Eers dan op langelaas, wanneer hulle reeds klaar getem is, moet jy hulle toelaat om van growwe voer groot van lyf te word; want voor die inbreek sal hulle geweldige trots aan die dag lê en as hulle gevang word, weier om die kronkelende sweepslae te duld en die wrede wolfsgebitstange te gehoorsaam.

Maar geen ywerige sorg verstewig hul kragte meer as om die liefde en die prikkels van blinde wellus van hulle af weg te hou nie, of die hantering van beeste nou vir 'n mens aangenamer is, of die van perde. Daarom verwyder telers die bulle ver na eensame weides agter 'n bergversperring en oorkant breë riviere,

of hou 'n oog oor hulle waar hulle in stalle by goedgevulde krippe opgesluit is. Want net deur haar te sien, put die vroulike dier hul kragte langsamerhand uit en verteer dit, en met haar soete verlokkinge laat sy hul gewis nie toe om aan die bosse of gras te dink nie, en dwing dikwels die trotse minnaars om die saak onderling met die horings uit te spook. In die groot woud van Sila wei sy, 'n pragtige vers: met groot geweld knoop die bulle beurtelings gevegte aan, gepaard met talle wonde; donker 220
bloed stroom oor hul lywe, en met luide gebrul word die gerigte horings na die beurende teenstanders gedryf; die bosse en uitgestrekte Olimpus weelgalm.

Dis nie die gewoonte dat teenstanders saam op stal staan nie, maar een van die twee gaan oorwonne weg en leef as balling ver aan onbekende strande. Hewig steun hy oor sy skande, oor die stote van die trotse oorwinnaar, en oor die liefde wat hy ongewreek verloor het; en met 'n blik na sy stal verlaat hy sy voorvaderlike ryk. Daarom oefen hy sy kragte met alle sorg, lê volhardend[15] op 'n ongespreide bed tussen harde rotse, en 230
leef van stekelrige blare en skerpgepunte rietgras; hy stel homself op die proef, en al beurend teen 'n boomstam leer hy om sy woede in sy horings te werp. Hy daag die winde uit met sy stote, skop stof en lewer die voorspel tot die stryd. En dan, wanneer sy sterkte vergader en sy kragte herstel is, dra hy sy vaandels vooruit en storm blindelings op die vyand af wat hom al vergeet het: soos wanneer 'n golf in die middel van die see wit begin opskuim en sy gewelfde massa van verder terug uit die diepsee trek; terwyl hy landwaarts rol, dreun hy donderend oor die rotse en stort vooroor, so groot soos 'n berg self; maar van onder af bruis die water in kolke op en slinger die swart sand die 240
hoogte in.

Ja, elke ras van mens en wilde dier op aarde, en elke ras van die see, vee en helderkleurige voëls, storm die waansinnige vuur in: die liefde werk by almal eenders. Op geen ander tydstip vergeet die leeuwyfie haar welpies en dwaal kwaaier op die vlaktes rond, of saai die wanstaltige bere soveel dood en slagting orals in die bosse nie. Dan is die wildevark woes, dan is die tierwyfie op haar gevaarlikste. Ag, sleg is dit dan om in die eensame velde van Libië rond te dwaal! Sien jy dan nie hoe 'n siddering die perd se 250
hele lyf deurtril, as die reuk maar net die bekende briese na hom gebring het nie? En nou hou die ruiters se teuels hulle nie teë,

ook nie wrede sweepslae nie, en geen rotse of uitgeholde kranse of versperrende riviere wat berge oorval en voortwentel in hul deining nie. Selfs die Sabynse swyn storm voort, slyp sy tande en woel met sy poot die grond voor hom om. Hy skuur sy sye teen 'n boom, en aan alle kante hard hy sy blaaie teen wonde. Wat van die jongeling[16] in wie se gebeente die wrede liefde 'n groot vuur aanblaas? Laat in die donker nag swem hy immers deur die seestraat, onstuimig van losbarstende storms. Bokant hom donder die ontsaglike hemelpoort, en die golwe gebeuk 260
teen die kranse, weergalm. Sy bedroefde ouers kan hom nie terugroep nie, en ook nie die meisie wat boonop 'n wrede dood sal sterf nie. Wat van Bacchus se gespikkelde rooikatte, en die wrede geslag van wolwe en honde? Wat van die gevegte wat vredeliewende herte voer?

Ongetwyfeld is merries se raserny die opvallendste van alles. Venus self het hulle die hartstog geskenk toe die vierspan van Potniae Glaucus se ledemate met hulle kake verskeur het. Vir hulle lei die liefde oor Gargara en oor die donderende Ascanius; hulle loop oor berge en swem deur riviere. En sodra die vlam 270
aan hul hunkerende murg gelê is – merendeels in die lente, want in die lente keer die hitte in hul gebeente terug – dan staan hulle almal op die hoë rotse, hul koppe na die westewind gedraai en snuif die ligte briesies op. Dikwels – wonderbaar om te vermeld – raak hulle sonder enige paring dragtig van die wind, en vlug in alle rigtings oor rotse en kranse en deur diep dale, nie na jou opkoms nie, Oostewind, en ook nie na die son s'n nie, maar na die Noorde en die Noordweste, of na die oord vanwaar 'n pikswart Suidewind opsteek en die hemel met reënerige koue versomber. Dan, en dan alleen, drup daar uit die lies 'n taai slym wat die herders met die paslike naam "perdewaansin" 280
noem – iets wat bose stiefmoeders dikwels versamel en met kruie en dodelike towerspreuke meng.

Maar intussen snel die tyd verby, snel dit onherroeplik verby terwyl ons, aangegryp deur liefde vir ons tema, elke afsonderlike aspek in besonderhede beskryf. Vir grootvee is hierdie genoeg: die tweede deel van my taak bly nog oor – om wollige kuddes en ruigharige bokke aan te jaag. Hier is werk; hieruit, stoere boere, moet julle hoop om roem te verwerf. En ek het geen twyfel in my gemoed oor hoe moeilik dit is om dié dinge in woorde baas te raak en so 'n eer aan nietige sake toe te deel 290

nie, maar soete begeerte sleur my oor die verlate steiltes van Parnassus mee. Dis vir my 'n vreugde om met die bergrûens langs te stap waar geen voorganger se pad met 'n sagte helling na Castalia[17] afdraai nie. Nou, eerbiedwaardige Pales, nou moet ons uit volle bors sing.

Om mee te begin, verklaar ek dat skape hul hooi in aangename krale moet vreet totdat die lowerryke somer weldra terugkeer, en dat jy die harde grond onder hulle met baie strooi en bondels varing bedek, sodat die koue ys nie jou brose trop kwaad doen en vir hulle brandsiek of aaklige klouseer bring nie. En dan, om van hier af voort te gaan, beveel ek jou om jou bokke van genoeg aarbeiboomlote te voorsien en vars lopende water te 300
verskaf, en die krale weg van die winde af, na die Suide gekeer, aan die winterson bloot te stel, wanneer die koue Waterdraer reeds sy reën aan die einde van die jaar laat stroom.

Ook die bokke hier moet ons nie met minder sorgsaamheid oppas nie, en hulle wins sal nie kleiner wees nie al word die wol van Miletus teen 'n hoë prys verhandel wanneer dit met Tiriese purper gekleur is. Van hulle kom daar 'n talryker nageslag, van hulle 'n ruim voorraad melk; hoe meer die emmer skuim wanneer die uier leeggemelk is, hoe oorvloediger sal die strome vloei as die spene weer gedruk word. Net so dikwels skeer mense 310
intussen die baard en gryse kenne en ruie hare van die Cinyps-rivier[18] se bokke, vir die gebruik van leërkampe en as bedekking vir die arme matrose. Wat meer is, hulle wei in die bosse en op Lycaeus se kruine, en vreet stekelrige braambosse en kreupelhout wat van steiltes hou; hulle onthou vanself om terug te kom huis toe en hulle lammers te bring, en vanweë hul swaar uiers kom hulle nouliks oor die staldrumpel. Daarom, hoe minder menslike sorg hulle nodig het, des te meer moet jy ys en sneeuwinde met alle ywer van hulle af wegkeer, en blymoedig vir hulle kos en takkiesvoer aandra en nie jou hooisolders die 320
hele winter toesluit nie.

Maar voorwaar, wanneer die vreugdevolle somer terwyl die Westewinde nooi, albei[19] troppe die bergweides en weivelde instuur, moet ons saam met die Môrester se eerste glans die koel velde bewei solank die oggend nog vars, solank die gras nog wit vertoon en die dou op die tere halm op sy lekkerste is vir die vee. Dan, wanneer die hemel se vierde uur die dors gebring het

en die klaende sonbesies die ruigtes met hul lied laat oopbars, sal ek die kuddes beveel om by putte of diep poele die water te drink wat in eikegeute vloei. Maar in die middaghitte sal ek hul beveel om 'n skaduryke dal uit te soek, êrens waar Jupiter se massiewe eikeboom, oud en kragtig, sy reusagtige takke uitsprei, of êrens waar daar 'n woud, donker van talryke steeneike, met heilige skaduwee uitgestrek lê. Ek sal jou aanraai om hulle dan weer helder water te gee en hulle weer tot sonsondergang te laat wei, wanneer die koue Aandster die lug matig, en die maan wat nou sy dou laat val die bergwoude verkwik, en die strande weerklink van die ysvoël, en die kreupelhout van die vink.

Waarom sal ek vir jou Libië se herders besing, waarom hulle weivelde en staanplekke wat in verspreide hutte bewoon word? 340
Dikwels wei die kudde daar dag en nag, 'n hele maand lank sonder onderbreking, en trek dit die uitgestrekte woestyne in sonder enige onderdak: so 'n ontsaglike vlakte strek daar uit. Die veeboer van Afrika neem alles met hom saam — sy hut, sy haard, sy wapens, sy Spartaanse hond, sy Kretensiese pylkoker — presies soos wanneer die flink Romein, toegerus met vaderlandse wapens, voortruk onder 'n haas te sware las, en voordat die vyand hom verwag, sy kamp klaar opgeslaan het en in slagorde aangetree staan.

Maar dis nie die geval waar die stamme van Skithië en die waters van Maeotis,[20] en die onstuimige Hister[21] wat geel sand voort- 350
wentel, te vinde is nie, en waar Rhodope wat tot aan die middel van die noordpool uitstrek, suidwaarts terugbuig nie. Daar hou hulle hul kuddes in stalle opgesluit, en op die vlakte is geen gras, en aan die boom geen blare te sien nie. Maar wyd en syd lê die aarde vormloos met hope sneeu en hoë ys en verrys tot 'n hoogte van sewe el. Altyd is dit winter, altyd Noordwesters wat koue adem. Nooit ook verdryf die Son die bleek mistigheid nie, nie wanneer hy in sy perdekar ry en na die hoë hemel koers, en ook nie wanneer hy sy neerylende strydwa in die rooigekleurde watervlak van die Oseaan afspoel nie. Op die stromende rivier 360
pak daar skielik yskorste saam, en reeds dra die water ysterbeslane wiele op sy rug — voorheen gasvry vir skepe, nou vir breë waens! Oral bars die brons, aangetrekte klere verys, en met byle kloof hulle die vloeibare wyn. Damme verander heeltemal in soliede ys, en 'n stekelrige yskeël word hard aan ongekamde baard.

Intussen val die sneeu onverminder uit die ganse hemel; die vee vrek, en groot lywe van beeste staan oortrek van die ryp. In 'n opeengedringde trop verstyf die herte onder die nuwe las, en steek skaars nog met hul horingpunte uit. Húlle jag die mense 370
nie met honde wat op hulle losgelaat word, nie met enige jagtersnette, of terwyl hul sidder van angs vir die karmosyn veer nie, maar terwyl hulle vergeefs met die bors teen die sneeuberg beur wat hul pad versper, dood hulle hul van naby met die swaard, vel hulle neer terwyl hulle benoud bulk, en dra hulle vrolik en onder luide gejuig huis toe. Die mense self lewe in uitgegraafde grotte diep onder die grond in kommerlose rus; hulle rol stapels stompe na die vuurherd toe en gooi hele olmbome in die vuur. Hier bring hulle die nag deur met spel, en vrolik boots hulle bekers wyn na met bier en suur lysterbessies. 380
Sodanig is die wilde menseras wat onder die sewe sterre van die Groot Beer in die verre noorde lê en deur die Riphaeïese Oostewind gebeuk word, en hulle liggame met geelbruin pelse van diere bedek.

As wol jou belangstelling is, dan moet daar allereers geen doringrige struikgewas of klitsgrasse of distels wees nie; vermy geil weilande, en soek van die staanspoor af wit kuddes uit met sagte wol. Maar al is jou ram self ook hoe wit, en hy het net 'n swart tong onder sy klam verhemelte, dan moet jy hom uitgooi om te voorkom dat hy die velletjies van die pasgebore lammers met donker vlekke besoedel, en kyk in die vol veld rond vir 'n 390
ander een. Met so 'n sneeuwit geskenk van wol – as ons dit maar kan glo – het Pan, die god van Arkadië, vir u bekoor en bedrieg, o Maan, toe hy u die diep woude in geroep het; en u het hom nie versmaai toe hy roep nie.

Maar hy wie se hartsbegeerte melk is, moet self met eie hand lusern en volop heuningklawer en gesoute groenigheid na die krale toe aandra. Hiervan raak hulle liewer vir die waterstrome, laat hulle hul uiers groter uitswel en bring 'n bedekte soutsmakie in die melk. Baie boere hou selfs die pasgebore boklammertjies van hul moers weg en heg ystermuilbande voor aan hul bekkies vas. Dit wat hulle met sonop en gedurende die 400
ure van die dag gemelk het, pers hulle snags; wat hulle melk as dit reeds aand is en die son ondergaan, pers hulle teen ligdag: dit dra hulle in mandjies weg – die herder gaan dorp toe – of hulle smeer dit met 'n knypie sout in en bêre dit vir die winter.

En laat ook die versorging van jou honde nie by jou die laaste plek inneem nie, maar voer die vinnige Spartaanse welpies en die kwaai Molossers saam, met ryk wei. Met hulle as die wagters sal jy nooit 'n nagtelike dief in jou stalle, of strooptogte van wolwe, of ongetemde Spanjaarde agter jou rug vrees nie. Dikwels ook sal jy in volle vaart skrikkerige wilde-esels en die haas met jou honde jag; met jou honde op takbokooie jag maak. Dikwels sal 410
jy wildevarke van hul rolplekke in die bos verjaag, hul met die geblaf van jou honde agtervolg en in verwarring bring, en met geskree die reusagtige hert oor die hoë berge na die nette toe dryf.

Leer ook om geurige sederhout in jou stalle te brand en gevaarlike waterslange met harsreuk te verdryf. Dikwels al het 'n adder, dodelik om aan te raak, onder verwaarloosde krippe geskuil, en doodbang die daglig ontvlug; of het 'n rinkals wat gewoonlik onder die dak se skaduwee inseil en gif sprinkel op die vee — smartlike plaag vir beeste — in die grond geboer. Gryp 420
klippe in jou hand, gryp stewige stokke, herder, en vel hom neer as hy hom dreigend oprig en sy sissende keel opblaas! Vlugtend het hy nou reeds sy bang kop diep weggesteek terwyl die verstrengeling van sy middellyf en die wringing van die punt van sy stert verslap, en die laaste kronkeling langsame sirkels sleep. Daar is ook nog daardie dodelike slang in die bergwoude van Calabrië wat met bors omhoog sy skubbige lyf oprol, en oor sy lang pens met groot vlekke gespikkel is. Solank daar nog enige strome by hul bronne uitborrel, en solank die grond nog nat is van lenteklammigheid en reënbringende Suidewinde, boer hy by 430
die kuile. Hy maak sy tuiste op die oewers, en onversadigbaar prop hy hier sy swart keel vol visse en praatsieke paddas. Maar nadat die moeras drooggebak is en die aarde van hitte oopbars, spring hy uit op die droë grond, rol sy vlammende oë en woed in die velde, sowel grimmig van die dors as hewig verskrik deur die hitte. Laat ek dan nie lus kry om heerlike slaap onder die blote hemel te geniet, of om in die gras op 'n beboste heuwelrug uitgestrek te lê nie, wanneer hy nuut vervel en blinkend van jeug voortkronkel, of sy kleintjies of eiers in sy nes agterlaat en hoog na die son opgerig met drievoudig gesplete tong flits.

Ek sal jou ook die oorsake en simptome van siektes leer. Af- 440
skuwelike brandsiek val die skape aan wanneer koue reën en die bibberende winter met sy wit ysige koue te diep in hul lewende

vleis bly sit het, of wanneer onafgewaste sweet aan hulle bly kleef nadat hulle geskeer is, en stekelige doringstruike hulle lywe gesny het. Daarom spoel die wagters die hele kudde met vars water af, en word die ram met druipnat wol in 'n stroom gedompel, en na hy losgelaat is, dryf hy stroomaf. Of hulle smeer die geskeerde lyf in met bitter oliemoer, en meng silwerskuim, natuurlike swawel, teer van die Idaberg, was wat ryk is 450
aan olie, see-ajuin, sterk nieskruid en swart aardpik. Geen goeie raat vir hulle lyding is egter van groter onmiddellike hulp, as wanneer iemand in staat was om die bopunt van die sweer met 'n mes oop te sny nie. Die kwaad word gevoed en leef voort deur dit toe te hou, terwyl die herder weier om helende hande op die wonde te lê en tot die gode sit en bid om beter voortekens. Ja, selfs wanneer die pyn tot in die diepste gebeente van die blêrende siekes getrek het en dáár woed, en die dorre koors hul ledemate verteer, dan help dit om die brandende hitte te verdryf en 'n snit te maak in die aar wat tussen die kloutjies vol 460
bloed klop, soos die Bisaltae en die flink Geloniër gewoonlik doen wanneer hulle na Rhodope en die Getae se woestenye vlug, en dikmelk gemeng met perdebloed drink.

Wanneer jy van ver af sien dat 'n skaap alte dikwels na die aangename skaduwee toe gaan, of alte lusteloos aan die grastoppies pluk; dat hy heel laaste agter die trop aanstap, of in die middel van die veld gaan lê terwyl hy wei en laataand alleen daar padgee, dan moet jy sonder versuim die kwaad met jou mes aan bande lê, voordat 'n aaklige besmetting ongemerk deur jou argelose kudde sluip. 'n Orkaan wat die storm aandryf, stort nie in soveel vlae oor die see neer as wat vee se menigvuldige be- 470
soekinge op hulle neerstort nie. En die siektes pak nie die diere een-een aan nie, maar hele somerkuddes, sommer skielik, die hoop van die kudde tesame met die kudde self – die hele ras, wortel en tak. Iemand sou dit dán wel besef, as hy die hemelhoë Alpe, Noricum se vestings op die heuwels, en die velde van Iapydiese Timavus, selfs nou nog na so 'n lang verloop van tyd aanskou, en die verlate koninkryke van die herders en die wyd en syd ontvolkte bergweides.

Ten gevolge van 'n pes in die lug het hier eens op 'n tyd 'n ellendige tydsgewrig aangebreek. Dit het van die volle herfshitte 480
gegloei, elke soort vee en elke soort wilde dier laat vrek, die mere verpes en die weidings met verrotting besmet. Die pad van

die dood was ook nie eenvoudig nie; maar wanneer 'n vurige dors, deur al die are heen gejaag, die rampsalige ledemate al klaar verskrompel het, het daar weer 'n waterige vloeistof opgewel en al die beendere wat stuksgewys van die siekte ineengestort het, in hom ingetrek. Dikwels het 'n offerdier in die middel van 'n plegtigheid ter ere van die gode, waar hy voor die altaar staan onderwyl die wolhoofband met 'n sneeuwit lint om sy kop gebind word, sterwend tussen die tydsame altaardienaars neergeslaan. Of as die priester 'n rukkie tevore reeds een met sy mes geslag het, dan vlam die altaar nie op as die 490 ingewande daarop geplaas word nie, en kan die geraadpleegde siener ook geen antwoorde gee nie; die offermesse onder die keel geplaas, word nouliks met bloed bevlek, en slegs die boonste lagie sand word deur 'n dun straaltjie dooibloed donker gekleur. Dan vrek die kalwers oral in die welige gras, of gee by die gevulde krippe hul liewe lewens weer terug; dan kom daar dolheid oor die flikflooiende honde, en skok 'n hygende hoes die siek varke en beklem hulle in die toegeswelde kele. Die wenperd is ongelukkig in sy pogings en sak sonder 'n gedagte aan gras inmekaar; hy versmaai die fonteine en kap herhaaldelik met sy poot op die grond. Sy ore hang, en 'n ongedurige sweet slaan op hulle uit – en dît, naamlik, die koue sweet op skepsels 500 wat bestem is om te sterwe. Sy vel is droog, hard om aan te raak, en dit weerstaan die hand wat dit betas.

Hulle vertoon hierdie simptome gedurende die eerste dae voor hul dood. Maar as die siekte met verloop erger begin word, dan, voorwaar, gloei hulle oë, en word die asem diep gehaal, swaar soms van gesteun. In 'n lang geroggel trek hulle die onderpunte van die flanke styf saam, swart bloed stroom uit die neusgate, en die skurwe tong druk die versperde keelgat toe. Dit het al gehelp om wyn in te gee met behulp van 'n horing wat jy in sy bek steek; dît was blykbaar die enigste redmiddel vir 510 sterwende diere. Maar juis dît was spoedig hulle ondergang : na hulle kragte herstel is, het hulle van waansin gebrand en self, reeds in die aangesig van die smartlike dood – mag die gode 'n gelukkiger lot aan die vromes gun, en daardie dwaling aan ons vyande! – hulle eie ledemate met die blote tande verskeur en vermink.

Maar kyk, sweetdampend onder die harde ploegskaar slaan 'n bul neer, braak bloed gemeng met skuim uit sy bek, en gee 'n

laaste kreun. Bedroef nader die ploegman, span die bul uit wat
oor sy broer se dood treur, en laat die ploeg in die middel van sy
taak vasgesteek staan. Nie die skadu's van die hoë woude, nie
die malse weivelde kan sy gemoed roer nie, nie die rivier wat 520
helderder as barnsteen oor die rotse rol en vlakte toe stroom
nie; maar sy flanke val diep in, bewusteloosheid lê swaar op sy
brekende oë, en onder 'n neerdrukkende gewig sink sy nek op
die grond neer. Wat baat sy arbeid of sy dienste? Wat, dat hy die
swaar grond met die ploegskaar omgekeer het? En tog het
Bacchus se Massiese gawes[22] bulle soos hy geen skade aan-
gedoen nie, nie feesmale wat telkens weer voorgesit is nie! Hulle
lewe van blare en die voeding van eenvoudige gras; hulle drank is
helder fonteine en rusteloos stromende riviere, en geen kommer 530
onderbreek hul gesonde slaap nie.

Hulle sê dat daar op geen ander tydstip in daardie streke na
beeste gesoek is vir Juno se heilige rites nie, en dat die stryd-
waens deur onpare oerosse na haar rysige skatkamer getrek is.
Daarom woel die boere die grond daar moeisaam met skof-
felpikke om, begrawe die graan selfs met hul naels in die grond,
en trek met styf gespanne nek hul krakende waens oor die hoë
berge. Die wolf stel nie sy liste om die skaapkrale op die proef,
en sluip nie snags om die kuddes rond nie: 'n feller bekom-
mernis hou hom in bedwang. Skugter reebokke en skrikkerige
herte dwaal nou tussen die honde en om die huise rond. Reeds 540
spoel die golwe die kroos van die onmeetlike see, en elke soort
swemmende kreatuur soos lyke na 'n skipbreuk op die kant van
die strand uit, en teen hul natuur vlug die robbe die riviere in.
Ook die adder vrek, vergeefs beskerm deur sy kronkelende
skuilhoeke; ook die waterslange, ontsteld en met skubbe orent.
Selfs vir voëls is die lug skadelik; halsoorkop val hulle, en laat
hul lewe onder 'n hoë wolk agter. Bowendien help dit nie nou
om die voedsel te verander nie; die geneesmiddels wat hulle
soek, doen kwaad; die leermeesters het opgegee, Chiron, seun
van Phyllira, en Melampus, seun van Amythaon. 550

Bleek Tisiphone woed, en uit Stygiese duisternis na die daglig
uitgelaat, jaag sy Siektes en Vrees voor haar uit, en terwyl sy
opstyg, lig sy haar gulsige kop dag na dag steeds hoër. Die
riviere, die versmagtende oewers en glooiende heuwels weer-
klink van die geblêr van kuddes en aanhoudende gebulk. En nou
rig sy haar slagting tropsgewys aan en stapel die karkasse,

vergaan van afskuwelike verrotting, selfs in die stalle op, totdat die mense leer om dit met grond te bedek en in gate te verberg. Want daar was geen nut vir die velle nie, en niemand kan die vleis met water reinig, of met vuur baasraak nie. Selfs die wol, 560
deurvreet van pes en vuil, kan hulle nie afskeer, en die vrot weefsels ook nie aanraak nie. Ja, selfs as iemand probeer het om die afskuwelike klere te dra, het brandende blase en walglike sweet oor sy onwelriekende liggaam gevolg, en sonder om lank daarna te wag, het die vervloekte vuur sy besmette ledemate verteer.

15

Georgicon IV: Bye en Byeboerdery

Vervolgens sal ek die hemelse gawe van heuning uit die lug behandel. Sien ook hierdie deel van my taak met welgevalle aan, Maecenas. Ek gaan vir u van die wonderlike skouspel van onbeduidende ou goedjies vertel, van grootmoedige aanvoerders, en een na die ander van die nasie as geheel se karakter, hulle belangstellinge, hul stamme en gevegte. Dis werk oor 'n nietige tema, maar die roem sal nie nietig wees as die onvriendelike goddelike magte dit vir 'n mens toelaat, en Apollo gehoor gee as hy aangeroep word nie.

Eerstens moet daar vir die bye 'n tuiste en standplaas gesoek word waartoe die winde geen toegang het nie — want die winde verhinder hulle om voedsel huis toe te bring — en waar skape en stoterige boklammers nie op die blomme rondbaljaar, of die verskalf wat oor die vlakte dwaal nie die dou afskud en die groeiende gras vertrap nie. Laat die bont akkedisse met hul skubbige rûe van die vet neste af wegbly, en ook die by-eters en ander voëls, en Procne[1] was haar bors met bloedbesmeerde hande bevlek het. Want wyd en syd roei hulle alles uit en dra die bye self so in die vlug in hul bek weg as heerlike versnapering vir hul genadelose kleintjies. Maar daar moet helder fonteine wees, en poele, groen van die mos, en 'n skraal stroompie wat deur die gras voortjaag. En laat 'n palm of 'n reusagtige olienhoutboom sy skadu oor die korf se ingang gooi, sodat wanneer die nuwe konings die eerste swerms in hul geliefde lentegety voortlei en die jongspan, vrygelaat uit die heuningkoeke, rondbaljaar, die